**Skool vir Psigososiale Gedragswetenskappe, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom, Republiek van Suid-Afrika

ABSTRACT

The purpose of this study was to investigate the reasons that motivate high school pupils to participate in sport. Four hundred and seventy eight pupils (211 boys and 267 girls) from four high schools in the Potchefstroom district participated in the study. The Participation Motivation Questionnaire (PMQ) was used. Data analysis was performed using Statistica 2000 for Windows 1998. One-way analyses of variance together with the Tuckey post hoc HSD test were used to indicate differences between variables. Practical significance was established with effect size. The results of the study showed the reasons that motivate youths to participate in sport as: doing something you are good at, develop the body, teamwork, learn new skills and meet new people. The least important reason for participation was to release energy. A factor-analysis was performed and six factors were identified: adventure/pleasure, recognition/achievement, team spirit/affiliation, ability/physical apearance, competition/challenges and energy release. T-tests and a one-way factorial analysis of variance were applied to determine whether gender, race and age had an effect on the reasons for sport participation. The results showed that gender and race had an effect on some of the factors, but not age.

Key words: Sport participation; Motives; Reasons; Youth sport; Motivation; Participation.

INLEIDING

Gereelde aktiwiteit, oefening en sport het volgens verskeie navorsingsbevindinge ’n positiewe invloed op ’n verskeidenheid gesondheidsaspekte van ontwikkeling by kinders en adolessente (Biddle *et al*., 1998, Baranowski *et al*., 1999). Buiten die gesondheidbevorderende waarde daarvan, hou deelname aan sport of gereelde fisieke aktiwiteit ook psigologiese voordele in soos vermindering van depressie en stres en versterking van die selfkonsep (Pratt *et al.,* 1999). Ten spyte van die oorweldigende bewyse van die voordele verbonde aan sportdeelname en fisieke aktiwiteit, het die aantal deelnemers en die frekwensie en intensiteit van sportdeelname onder jeugsportlui wêreldwyd gedurende die afgelope twee dekades afgeneem (Freedson & Rowland, 1992; Armstrong & McManus, 1994; Kolt & Capaldi, 2001). Volgens Gill en Overdoff (1994) is hierdie tendens ’n bewys dat die voordele van fisieke en psigologiese gesondheid en welstand nie sterk genoeg redes blyk te wees vir volgehoue gereelde deelname aan fisieke aktiwiteite of sport nie. Die redes wat jeugsportlui motiveer om aan sport deel te neem, word gevolglik deur verskeie navorsers as een van die mees kritieke areas in jeugsport-navorsing beskou (Stern *et al*., 1990; Weiss, 1993; Kolt *et al.,* 1999).

Uit die literatuur blyk dit dat die redes vir sportdeelname vanuit verskillende teorieë of raamwerke verklaar en bestudeer kan word. Die bekendste teorieë in die sportmilieu is die kompetisieteorie (Harter, 1981), die prestasie-doel-georiënteerde teorie (Maehr & Nicholls, 1980) en die prestasiemotiveringsteorie of selfdetermineringsteorie (Deci & Ryan, 1985). Volgens Scholtz (1979) is die prestasiemotiveringsteorie (intrinsiek/ekstrinsiek) die belangrikste model vir die verklaring van sportdeelname. Motivering verwys na die kragte of

faktore wat menslike gedrag inisieer, rig en volhou (Iso-Ahola, 1999). Intrinsieke motivering verwys na die uitvoer van ’n aktiwiteit vir die doel of satisfaksie van deelname aan die aktiwiteit self en eksterne motivering impliseer dat deelname gesien word as ’n middel tot ’n doel en nie ter wille van die handeling self nie (Deci, 1975). Wanneer ’n persoon intrinsiek gemotiveer is, doen hy/sy die handeling ter sprake uit vrye wil en sonder eksterne motivering. Intrinsiek gemotiveerde persone word gedurende kompetisies hoofsaaklik gemotiveer deur die verband tussen die aktiwiteit self en die genot daarvan, terwyl ekstrinsiek gemotiveerde persone deelneem ter wille van beloning (Weinberg *et al.,* 2000). Volgens Gould *et al*. (1985) hang die vlak van motivering af van die interaksie tussen persoonlike faktore, behoeftes en situasiefaktore. Gould *et al*. (1985) is voorts van mening dat ten einde volgehoue sportdeelname te verseker, dit noodsaaklik is om kennis te dra van die spesifieke redes waarom daar aan sport deelgeneem word.

Verskeie navorsers het die afgelope ses dekades navorsing gedoen om te bepaal wat die belangrikste motiveerders is vir die jeug se deelname aan kompetisiesport. Alderman (1976) het een van die eerste ondersoeke op 425 yshokkiespelers uitgevoer en sewe motiveerders vir sportdeelname geïdentifiseer, naamlik ter wille van onafhanklikheid, erkenning, mag, beheer, opwinding, status en as uitlaatklep vir aggressie. In ’n ander ondersoek het Sapp en Haubenstricker (1978) gevind dat genot, vaardigheidsontwikkeling en fiksheid die belangrikste redes vir deelname aan atletiek was. Een van die volledigste ondersoeke wat gedoen is oor die redes vir jeugsportdeelname, is die studie van Gill *et al.* (1983). In hierdie studie is die motiveringsredes van 1 138 Amerikaanse kinders (8-18 jaar) ondersoek. Die redes wat die hoogste geplaas was, is “die verbetering van vaardighede, genot, uitdaging om nuwe vaardighede aan te leer en om fiks te word”. Gill en medewerkers het voorts deur middel van ’n faktorontleding die onderskeie redes gegroepeer en het agt faktore/dimensies onderskei, naamlik: prestasie, statusmotivering, spanoriëntasie, fiksheid, energie-ontlading, vaardigheidsontwikkeling, samehorigheid, genot en ’n veelsydigheidsfaktor.

Latere navorsing het soortgelyke bevindings gerapporteer en gevind dat geslag, ouderdom, ras en kultuur, asook die tipe sportsoort waaraan deelgeneem word, ook ’n invloed op motiveringsredes vir sportdeelname uitoefen (Gill *et al.,* 1983; Longhurst & Spink, 1987; Morris *et al.,* 1996).

Uit die literatuur blyk dit dus dat daar ’n dalende tendens in jeugsportdeelname voorkom en dat geslag, ras en ouderdom ’n invloed op die redes vir sportdeelname kan uitoefen. Hoewel heelwat internasionale literatuur beskikbaar is oor die redes wat jong sportlui motiveer om aan sport deel te neem, is daar onvoldoende kennis beskikbaar oor die redes wat die Suid-Afrikaanse jeug motiveer om aan sport deel te neem. Ten einde hierdie leemte aan te spreek, was die doel van hierdie ondersoek om te bepaal wat die redes is wat adolessente in die Potchefstroom-distrik motiveer om aan skoolsport deel te neem. Voortspruitend hieruit wou bepaal word of daar ’n verband bestaan tussen die redes vir sportdeelname en ouderdom, geslag en ras. Inligting hieroor kan vir die onderwyser, sportafrigter en sportwetenskaplike

van groot waarde wees in hul poging om die sportmilieu so te struktureer dat dit aan die behoeftes van jong sportlui voldoen.

METODE VAN ONDERSOEK

Steekproef

Die ondersoekpopulasie het bestaan uit 478 hoërskoolleerders tussen die ouderdomme 14 en 18 jaar, uit oorwegend middel tot lae sosio-ekonomiese statusskole. Die respondente was op grond van 'n beskikbaarheidsteekproef uit vier skole in die Potchefstroom-distrik gekies. Die ondersoekpopulasieverspreiding was soos volg: 13-jariges, *n*=38 (7.95%); 14-jariges, *n*=88 (18.41%); 15-jariges, *n*=95 (19.87%); 16-jariges, *n*=92 (19.25%); 17-jariges, *n*=82 (17.15%); 18-jariges, *n*=61 (12.76%) en bo 18 jaar, *n*=23 (4.81%). Die gemiddelde ouderdom was 16 jaar. Die rassegroepe wat betrek is, was swart, *n*=151 (33%); wit, *n*=159 (33%); Kleurling, *n*=116 (24%) en Indiër, *n*=48 (10%). Die aantal dogters en seuns wat aan die studie deelgeneem het, was 211 (44%) en 267 (56%) onderskeidelik.

Meetinstrumente

Die meetinstrument wat gebruik was om die redes vir sportdeelname te bepaal in die volgorde van belangrikheid, is die "*Participation Motivation Questionnaire"* (PMQ) van Gill *et al.* (1983). Die vraelys se geldigheid en betroubaarheid is in talle studies bevestig (Gould *et al*., 1985; Flood & Hellstedt, 1991; Gill & Overdoff, 1994; Kolt *et al*., 1999). Die vraelys bestaan uit 30 vrae en respondente moes aandui hoe belangrik die verskillende redes vir hulle is ten opsigte van sportdeelname: baie belangrik (3), matig belangrik (2) en onbelangrik (1). In die verwerking van die resultate is gemiddelde waardes hiervan bereken.

Statistiese Prosedure

Data is met behulp van die rekenaarprogram SAS (SAS Institute, 1999) verwerk. 'n Eksploratiewe faktorontleding is gedoen om faktore in die data te identifiseer. Die betroubaarheid van die betrokke faktore is met behulp van Cronbach Alfa-waardes bepaal (Anastasi, 1998). Beskrywende statistiek is gebruik vir die bepaling van die rangorde vir die redes vir sportdeelname, asook om rekenkundige gemiddeldes, standaardafwykings, maksimum- en minimumwaardes vir die seuns en dogters van al vier die etniese groepe te bepaal. Daar is van t-toetse gebruik gemaak om vas te stel of die faktore verskil ten opsigte van geslag en ouderdom, terwyl eenrigtingvariansieanalise (ANOVA's) gebruik is om die rangordes van die verskillende etniese groepe te bepaal. 'n Post hoc-toets is gebruik om betekenisvolle verskille by die faktorontleding van die etniese groepe te bepaal. Effekgroottes is gebruik om praktiese betekenisvolheid van verskille tussen groepe te bepaal.

RESULTATE EN BESPREKING

Vyf en tagtig persent (406 leerders) van die ondersoekgroep het aangedui dat hulle aan een of meer sportsoorte deelneem. Slegs hierdie leerlinge se resultate is bereken. Die sportsoorte waaraan deelgeneem is, is atletiek, rugby, netbal, tennis, karate, sokker, gimnastiek, krieket, judo en tafeltennis. Die vlak van deelname was hoofsaaklik dié van skool (1ste, 2de en 3de spanne) en klubvlak. Slegs 1% van die leerlinge het aangedui dat hulle op provinsiale vlak deelneem.

Die eerste stap in die analisering van die redes waarom die leerlinge in hierdie ondersoek aan sport deelneem, was om 'n voorkeurrangorde uit die onderskeie vrae of toetsitems te bepaal. In Tabel 1 word hierdie rangorde wat deur die groep toegeken is, voorgestel.

TABEL 1. **RANGORDE VAN BELANGRIKHEID VAN DIE REDES WAAROM DAAR AAN SPORT DEELGENEEM WORD**

Toetsitems	Rangorde	Gem	SA
Ek hou daarvan om iets te doen waarin ek goed vaar	1	2.846	0.42
Ek wil my liggaam ontwikkel	2	2.724	0.52
Ek hou van spanwerk	3	2.706	0.52
Ek wil nuwe vaardighede/dinge aanleer	4	2.698	0.51
Ek hou daarvan om met nuwe mense kennis te maak	5	2.653	0.58
Ek hou van spangees	6	2.651	0.58
Ek wil fiks word	7	2.641	0.59
Ek wil my sportvaardighede verbeter	8	2.637	0.58
Ek hou daarvan om te wen	9	2.621	0.64
Ek wil pret hê	10	2.614	0.62
Ek wil na ’n hoër sportvlak beweeg	11	2.610	0.61
Ek hou van opwinding	12	2.609	0.57
Ek hou daarvan om deel te wees van ’n klub/span	13	2.562	0.63
Ek hou daarvan om my met iets besig te hou	14	2.519	0.60
Ek hou van uitdagings	15	2.506	0.61
Ek hou daarvan om te oefen	16	2.495	0.61
Ek hou van aksie	17	2.474	0.63
Ek hou van kompetisie	18	2.460	0.67
Ek hou van beloning	19	2.413	0.76
Ek hou daarvan om na oefeninge en kompetisies te ry	20	2.370	0.74
Ek wil by my vriende wees	21	2.338	0.73
Ek hou daarvan om belangrik te voel	22	2.304	0.76
Ek wil spanning verlig	23	2.301	0.69
Ek hou daarvan om raakgesien te word/erkenning te kry	24	2.287	0.76
Ek hou daarvan om met die apparaat te oefen	25	2.286	0.74
My ouers/vriende wil hê ek moet aan sport deelneem	26	2.246	0.76
Ek hou daarvan om uit die huis te kom	27	2.177	0.78
Ek hou van die afrigters	28	2.146	0.75
Ek wil populêr wees	29	1.961	0.80
Ek wil ontslae raak van energie	30	1.814	0.84

Uit Tabel 1 blyk dit dat die vyf belangrikste redes vir sportdeelname wat die ondersoekgroep aangedui het, was: om iets te doen waarin hulle goed vaar, om hul liggame te ontwikkel, omdat hulle van spanwerk hou, om nuwe vaardighede/dinge aan te leer en om met nuwe mense kennis te maak. Die bevinding dat “om iets te doen waarin hulle goed vaar”, die belangrikste rede vir sportdeelname is, kon nie deur ander studies gestaaf word nie, hoewel ander navorsers wel gevind het dat dit onder die 10 belangrikste redes vir sportdeelname lê (Gill *et al*., 1983; Wold & Kanna, 1993; Kolt *et al*., 1999; Kolt & Capaldi, 2001). “Om die liggaam te ontwikkel, deel van ’n span te wees en nuwe vaardighede/dinge aan te leer”, is wel onder die vyf belangrikste redes in studies van Weinberg *et al.* (2000); Kolt *et al*. (1999); Klint en Weiss (1987); Ryckman en Hamel (1993) en Kirkby en Kolt (1999) gevind. Sportdeelname ter wille daarvan om van energie ontslae te raak, is in hierdie studie sowel as in verskeie ander studies as die onbelangrikste rede vir sportdeelname aangedui (Gould *et al*., 1985; Klint & Weiss, 1987; Longhurst & Spink, 1987; Kirkby & Kolt, 1999; Kolt & Capaldi, 2001).

Die motiveringsredes vir deelname verskaf egter slegs beskrywende inligting oor die individuele redes vir sportdeelname. Volgens Gill *et al.* (1983) is dit funksioneel om die individuele redes volgens dimensies of faktore te groepeer ten einde ’n fyner ontleding van die resultate te kan doen. Ten einde ’n meer volledige beeld te verkry was die tweede logiese stap dus om die vrae volgens algemene kategorieë te groepeer deur middel van ’n faktorontleding en sodoende te bepaal wat die effek van geslag, ras en ouderdom op die redes vir sportdeelname is.

’n Varimax faktorrotasie is gebruik om die hoeveelheid veranderlikes te verminder en spesifieke kategorieë vir redes vir sportdeelname te identifiseer. ’n Eksploratiewe faktorontleding is eerste gedoen wat sekere vrae onder sekere faktore gegroepeer het. Afsonderlike faktoranalises is vir die groep gedoen, asook vir geslag en ras. Slegs Eigenwaardes van groter as 0.4 is in ag geneem. Uit ’n geroteerde transformasiematriks is sewe faktore geïdentifiseer, naamlik avontuur/genot, erkenning/prestasie, spangees/affiliasie, vaardigheid/fisieke voorkoms, kompetisie/uitdagings, en energieontlading. In Tabel 2 word die faktorlading en kommunaliteit vir elke faktor voorgestel.

TABEL 2. **FAKTORLADING VAN DIE ITEMS VAN DIE PMQ-VRAELYS**

Items	Faktorlading	Kommunaliteit
Faktor 1: Avontuur/genot		
Ek wil pret hê	0.73	0.55
Ek hou van aksie	0.61	0.50
Ek hou van opwinding	0.65	0.53
Ek hou daarvan om met nuwe mense kennis te maak	0.47	0.32
Ek hou daarvan om my met iets besig te hou	0.43	0.36
Ek wil by my vriende wees	0.46	0.44
Ek hou daarvan om uit die huis te kom	0.51	0.34
Faktor 2: Erkenning/prestasie		
Ek hou daarvan om te wen	0.65	0.50
Ek hou van beloning	0.70	0.56
Ek hou daarvan om belangrik te voel	0.79	0.64
Ek hou daarvan om erkenning te kry vir wat ek doen	0.66	0.56
Ek wil populêr wees	0.73	0.59
Faktor 3: Spangees/affiliasie		
Ek hou van die afrigters	0.71	0.57
Ek hou daarvan om met die apparaat te oefen	0.35	0.32
Ek hou daarvan om deel te wees van ’n klub/span	0.57	0.52
Ek hou van spangees	0.53	0.46

Ek hou van spanwerk	0.48	0.48
Faktor 4: Vaardigheid/fisieke voorkoms		
Ek wil my sportvaardighede verbeter	0.58	0.51
Ek wil fiks word	0.50	0.46
Ek wil na ’n hoër sportvlak beweeg	0.60	0.50
Ek hou daarvan om te oefen	0.52	0.47
Ek wil my liggaam ontwikkel	0.55	0.51
Ek hou daarvan om na oefeninge en kompetisies te ry	0.51	0.46
My ouers/vriende wil hê ek moet aan sport deelneem	0.44	0.34
Faktor 5: Kompetisie/uitdagings		
Ek wil nuwe dinge aanleer	0.42	0.35
Ek hou van uitdagings	0.41	0.42
Ek hou daarvan om iets te doen waarin ek goed vaar	0.59	0.46
Ek hou van kompetisie	0.64	0.49
Faktor 6: Energie-ontlading		
Ek wil spanning verlig	0.60	0.49
Ek wil ontslae raak van energie	0.75	0.58

Hierdie ses faktore het 47.5% van die variansie van die vraelys verklaar. Faktor een het 10.31% van die variansie uitgemaak, faktor twee 10.22%, faktor drie 7.82%, faktor vier 7.80%, faktor vyf 6.44% en faktor ses 4.93%. Cronbach Alfa-waardes is vir elke faktor bepaal en die waardes hiervan was soos volg: avontuur/genot (0.71), erkenning/prestasie (0.79), spangees/affiliasie (0.67), vaardigheid/fisieke voorkoms (0.64), kompetisie/uitdagings (0.53) en energie-ontlading (0.39). Die Cronbach Alfa-waardes wat vir die ses faktore bereken is, het dus gewissel van 0.79 tot 0.39, met ’n gemiddeld van 0.62. Aangesien faktor 6 se Cronbach Alfa-waarde (0.39) te laag was vir betroubaarheid, is faktor ses nie in verdere verwerkings in berekening gebring nie. Die twee vrae wat by hierdie faktor betrokke is, is ook in die onderhawige studie heel laaste gerang en was dus nie as ’n belangrike motief vir sportdeelname beskou nie.

Om vas te stel of ’n verband bestaan tussen die redes vir sportdeelname en geslag, ras en ouderdom, is die verwerkings volgens die geïdentifiseerde faktore gedoen. Die individuele vrae is ook afsonderlik vir verbande ontleed, maar dié data is slegs gerapporteer indien dit die resultate van die faktorontleding beter kan toelig.

TABEL 3. **DIE VERBAND TUSSEN DIE REDES VIR JEUGSPORT-DEELNAME EN GESLAG**

Veranderlikes	Geslag	n	Gem	SA	d
Faktor 1	Seuns	211	2.4604	0.4366	0.1060
Avontuur/genot	Dogters	267	2.5067	0.3658	
Faktor 2	Seuns	211	2.3197	0.5704	0.0035
Erkenning/prestasie	Dogters	267	2.3177	0.5339	

Faktor 3	Seuns	211	2.5019	0.4080	0.1366
Spangees/affiliasie	Dogters	267	2.4440	0.4238	
Faktor 4	Seuns	211	2.5764	0.3870	0.2098
Vaardigheid/ fisieke voorkoms	Dogters	267	2.4952	0.3787	
Faktor 5	Seuns	211	2.6363	0.3943	0.9483**
Kompetisie/uitdagings	Dogters	267	2.2624	0.3443	

d=0.2 klein effek; d=0.5 medium effek*; d=0.8 groot effek en prakties betekenisvolle verskil** (Steyn, 1999)

Uit Tabel 3 blyk dit duidelik dat geslag nie ’n belangrike effek het op die redes waarom die ondersoekgroep aan sport deelneem nie. Hierdie bevinding is in ooreenstemming met ander navorsing (Gill *et al*., 1983; Gould *et al*., 1985; Longhurst & Spink, 1987). Slegs by faktor 5 (kompetisie/uitdagings) was daar ’n prakties betekenisvolle verskil, waar die kompetisie/uitdagingselement ’n groter motiveringsrede vir seuns as vir dogters is. Uit ander studies het dit ook geblyk dat die kompetisie/uitdagingselement ’n groot verskil tussen seuns en dogters se motiveringsredes vir sportdeelname is (Gould *et al.,* 1985; Kolt & Capaldi, 2001). Die feit dat die leerlinge van hierdie ondersoekgroep aan verskeie skoolsportsoorte deelneem en dat die deelname op ’n lae kompetisievlak is (slegs skoolvlak) kon moontlik ’n rol gespeel het waarom daar so min geslagtelike verskille by die ander faktore was.

In Tabel 4 word die effek van ras op redes vir sportdeelname aangedui. By faktor 1 (avontuur/genot) het die Indiër-leerlinge van die ander leerlinge met ’n matige effek verskil. Die Indiër-leerlinge het die vrae wat onder faktor 1 geklassifiseer is: *pret; aksie; opwinding, hou daarvan om besig gehou te word; met nuwe mense kennis te maak; by vriende te wees en om uit die huis te kom* oor die algemeen hoër gerang, dus is hul deelname aan sport eerder ter wille van die avontuur en genot daarvan. By faktor 2 (erkenning/prestasie) het swart leerlinge ook met ’n matige effek van wit leerlinge verskil. Uit die analise van die individuele vrae het dit geblyk dat redes soos *hou daarvan om te wen; hou van beloning; hou daarvan om belangrik te voel; hou daarvan om raakgesien te word/erkenning te kry en om populêr te wees,* vir die swart leerling as belangriker redes vir sportdeelname geag word as vir die wit leerlinge. Dit wil dus voorkom of sportdeelname vir die swart leerlinge ’n geleentheid vir prestasie en erkenning is, terwyl die wit leerlinge wat aan die studie deelgeneem het, in ’n mindere mate sport vir die genot en sosiale aspek daarvan beoefen het.

TABEL 4. **DIE VERBAND TUSSEN RAS EN SPORTDEELNAME**

Veranderlikes	Ras	n	Gem	SA	d
Faktor 1	Swart	151	2.3928	0.4372	S/W=0.49*, S/K=0.06, S/I=0.58*
Avontuur/genot	Wit	159	2.6049	0.3598	W/K= 0.07, W/I=0.70*
	Kleurling	116	2.3663	0.3679	K/I= 0.76*
	Indiër	48	2.6444	0.3220	
Faktor 2	Swart	151	2.4935	0.5069	S/W= 0.50, S/K=0.46, S/I=0.33
Erkenning/prestasie	Wit	159	2.2174	0.5519	W/K=0.07, W/I= 0.10
	Kleurling	116	2.2563	0.5153	K/I=0.04
	Indiër	48	2.2840	0.6398	

Faktor 3	Swart	151	2.5414	0.3992	S/W=0.27, S/K= 0.32, S/I=0.04
Spangees/affiliasie	Wit	159	2.4242	0.4296	W/K=0.03, W/I=0.22
	Kleurling	116	2.4130	0.4060	K/I=0.25
	Indiër	48	2.5220	0.4390	
Faktor 4	Swart	151	2.6722	0.3618	S/W=0.74*, S/K=0.39; S/I=0.24
Vaardigheid/ fisieke voorkoms	Wit	159	2.3779	0.3984	W/K=0.38, W/I=0.52*
	Kleurling	116	2.5310	0.3449	K/I=0.16
	Indiër	48	2.5866	0.3142	
Faktor 5	Swart	151	2.6445	0.3893	S/W=0.06, S/K=0.13, S/I=0.11
Kompetisie/uitdagings	Wit	159	2.6212	0.3718	W/K=0.08, W/I=0.17
	Kleurling	116	2.5929	0.3541	K/I=0.26
	Indiër	48	2.6862	0.3104	

d=0.2 klein effek; d=0.5 medium effek*; d=0.8 groot effek en prakties betekenisvolle verskil** (Steyn, 1999)

By faktor 3 (spangees/affiliasie) is geen prakties beduidende verskille tussen die rassegroepe gevind nie. By faktor 4 (vaardigheid/fisieke voorkoms) was daar verskille (matige effek) tussen die wit en swart leerlinge en tussen die wit en Indiër-leerlinge. In die ontleding van die individuele vrae het dit geblyk dat die swart leerlinge *sportvaardigheidsverbetering* eerste gerang en die Kleurling-leerlinge dit negende gerang het, terwyl die wit leerlinge dit sestiende gerang het. “Ek wil na ’n hoër sportvlak beweeg”, het die swart leerlinge vierde en die Kleurling-leerlinge agtste gerang terwyl die wit leerlinge dit as agtiende belangrikste rede gerang het. ’n Moontlike verklaring vir hierdie variasies kan wees dat die blanke leerlinge waarskynlik van jongs af meer geleenthede gehad het om aan sport deel te neem, teenoor die ander bevolkingsgroepe, en dat, om hulle sportvaardighede te verbeter, dus nie meer so ’n belangrike rede vir hul sportdeelname is nie. By faktor 5 (kompetisie/avontuur) is geen prakties betekenisvolle verskille tussen die rassegroepe gevind nie.

In totaliteit gesien, het ras dus wel ’n medium effek gehad op die ondersoekgroep se redes vir sportdeelname. Hierdie resultate is in ooreenstemming met ander studies (Van Deventer, 1998; Weinberg *et al.*, 2000). Dit wil egter voorkom of die leerlinge van al die rassegroepe positief ingestel is teenoor sport. Die prakties betekenisvolle verskille wat by faktor 4, tussen swart en wit deelnemers voorgekom het, kan moontlik daarop dui dat sportgeleenthede en prestasie reeds in die blanke kultuur gevestig is, terwyl die swart deelnemers groter behoefte daaraan het om sport vir prestasie, erkenning en moontlik ook as middel tot opheffing uit swak lewensomstandighede, te beoefen.

In Tabel 5 word die verband van ouderdom met die onderskeie faktore voorgestel. Die ouderdomverspreiding is in twee groepe verdeel, naamlik ’n junior groep met ’n gemiddelde ouderdom van 14 jaar en ’n senior groep met ’n gemiddelde ouderdom van 16 jaar.

TABEL 5. **DIE VERBAND TUSSEN OUDERDOM EN SPORTDEELNAME**

Veranderlikes	Ouderdom	n	Gem	SA	d
Faktor 1	Junior	126	2.5407	0.3917	0.1414
Avontuur/genot	Senior	330	2.4853	0.3870	

Faktor 2 Erkenning/prestasie	Junior Senior	126 330	2.3300 2.3078	0.5397 0.5561	0.0400
Faktor 3 Spangees/affiliasie	Junior Senior	126 330	2.5158 2.4517	0.4069 0.4164	0.1539
Faktor 4 Vaardigheid/ fisieke voorkoms	Junior Senior	126 330	2.5858 2.5129	0.3538 0.3746	0.1946
Faktor 5 Kompetisie/uitdagings	Junior Senior	126 330	2.6287 2.6367	0.3563 0.3612	0.0221

d=0.2 klein effek; d=0.5 medium effek*; d=0.8 groot effek en prakties betekenisvolle verskil** (Steyn, 1999)

Uit Tabel 5 blyk dit ook dat geen prakties betekenisvolle verskille voorgekom het tussen die redes vir sportdeelname en die onderskeie ouderdomsgroepe nie. Ouderdom het dus nie ’n betekenisvolle rol gespeel in die belangrikheid van die redes waarom hierdie ondersoekgroep aan sport deelneem nie. ’n Moontlike verklaring kan wees dat daar nie so ’n groot ouderdomsverskil was tussen die deelnemers nie (14 tot 18 jaar).

GEVOLGTREKKINGS

Die eerste doel van die studie was om spesifieke redes te identifiseer wat jeugsportlui motiveer om aan sport deel te neem. ’n Rangorde van belangrikheid is bepaal en die vyf belangrikste redes was: *ek hou daarvan om iets te doen waarin ek goed vaar; ek wil my liggaam ontwikkel; ek hou van spanwerk; ek wil nuwe dinge aanleer; en ek hou daarvan om nuwe mense te ontmoet.* Wanneer hierdie redes vanuit ’n ontwikkelingsperspektief beskou word, is dit duidelik waarom hierdie redes vir die hoërskoolleerlinge, wat in die adolessente fase is, van belang is. Die adolessent ondergaan fisieke veranderinge tydens puberteit, seksuele volwassenheid word bereik, en verandering vind plaas op die gebied van kognitiewe vermoëns, sosiaal-emosionele groei en sosiale konteks (Brooks-Gunn & Reiter, 1990). Omdat die adolessent nog besig is om ’n eie identiteit te ontwikkel, sal dit vir hom belangrik wees om aan aktiwiteite deel te neem waarin hy goed vaar. Om die liggaam te ontwikkel, is ’n verdere belangrike faset vir die adolessent omdat aanvaarding en goedkeuring van dieselfde, asook teenoorgestelde, geslag in hierdie ontwikkelingstadium baie belangrik is. Hierdie rede verklaar ook waarom spanwerk en om nuwe mense te ontmoet, vir hierdie groep belangrik is.

Ten tweede is ’n faktoranalise onderneem om uit die 30 toetsitems, spesifieke faktore of kategorieë wat sportdeelname kan beïnvloed, te klassifiseer. Uit ’n geroteerde transformasie is ses faktore geklassifiseer, naamlik avontuur/genot, erkenning/prestasie, spangees/affiliasie, vaardigheid/fisieke voorkoms, kompetisie/uitdagings en energieontlading. Deur middel van t-toetse is bepaal of geslag, ras en ouderdom ’n effek het op die geïdentifiseerde faktore (wat saamgestel is uit die redes vir sportdeelname soos in Tabel 1 uiteengesit). Resultate uit die faktorontleding het getoon dat daar nie ’n betekenisvolle verskil is tussen die seuns en dogters se siening van die belangrikheid van die redes wat hulle motiveer vir sportdeelname nie, behalwe by die kompetisie-/avontuur-faktor. Die seuns was meer kompetisie-/uitdagings as die dogters. Hierdie bevinding impliseer dat sportprogramme en aktiwiteite op basies dieselfde wyse ontwikkel en aangebied kan word, maar met die groot verskil dat seuns se programme meer avontuur en uitdagingselemente moet bevat.

Hoewel ras ’n effek gehad het op die redes vir sportdeelname, was dit nie prakties betekenisvol nie. Daar was enkele verskille met ’n matige effek by faktor 1 (avontuur/genot) waar dit geblyk het dat die Indiër-sportdeelnemer ’n hoë premie op avontuur en genot as redes vir sportdeelname plaas. Ouderdom het ook nie ’n prakties betekenisvolle effek op die deelnemers se siening van die belangrikheid van die redes wat hul motiveer vir sportdeelname gehad nie.

Opsommend blyk dit dus dat daar spesifieke redes is wat hoërskoolleerlinge motiveer om aan sport deel te neem en dat geslag, ras en ouderdom nie so ’n groot rol speel by die spesifieke redes waarom die jeug/hoërskoolleerlinge aan sport deelneem nie. Afrigters van jeugsportlui behoort kennis te neem van hierdie redes, en dit positief aan te wend om strategieë en werkwyses te ontwikkel om die jeug te motiveer om in sportdeelname te volhard.

LEEMTES EN AANBEVELINGS

Alhoewel daar in alle studies gepoog word om veralgemeenbaarheid te optimaliseer, kom tekortkominge in hierdie studie voor wat in verdere studies van dié aard moontlik onder die loep geneem kan word. Derhalwe word die volgende tekortkominge uitgelig en aanbevelings in dié verband gedoen:

Vanweë eksterne faktore moes van ’n beskikbaarheidsteekproef gebruik gemaak word, en ongelykheid van deelnemergetalle het by groepe voorgekom. Hierdie ongelykheid van getalle kon moontlik die resultate beïnvloed het.

Die tipe sportsoorte asook die vlak van kompetisiedeelname, kan moontlik tot ander resultate lei. Respondente van hierdie studie het op ’n lae kompetisievlak deelgeneem en

sportdeelnemers wat op provinsiale en nasionale vlak deelneem se redes vir deelname kan moontlik ander bevindinge tot gevolg hê.

SUMMARY

Reasons for sport participation of high school pupils

Physical and psychological healths have both shown to benefit from regular participation in physical activities. Motives related to health, physical appearance, competition and excitement, fun and enhanced competence, are a few reasons for taking part in sport. There are differences between individuals in perceived benefits, which might explain some of the differences in sport participation. These perceptions of benefits, or motives to participate, are influenced by several factors, such as, for example, age and gender. If an experience of sport participation is perceived to be meaningful, a person will be more motivated to participate in such activities, but what is perceived as meaningful by one individual might not be perceived as such by another. Findings from past studies suggest several things about relationships among various agents of socialisation, institutions, and sport participation. Several studies have indicated that family is an important factor in people's decisions to participate in sport. Encouragement from peers, teachers, and coaches has also been shown as influencing people's sport participation. Some researchers have studied the relationship between people's athletic self-perceptions and sport participation. These researchers have concluded that people with

high levels of confidence in their athletic abilities may be most likely to participate in sport.

A large number of studies and surveys show that the percentage of individuals participating in sport is low and has been declining during recent years. Understanding youth motives to participate in sports or physical activities has been a subject of interest for many researchers and practitioners in recent years. Numerous studies have examined the question of whether there are differences in youth motives across sports, age, gender, and culture and suggest that children or adolescents are subject to the environmental influences in their motivation to participate in certain physical activities. Thus, investigating the diversities in motivation of participation may shed light on the underlying reasons of why children or adolescents take part in various forms of physical activity or sports

The purpose of this study was to explore the reasons that motivate youths to participate in sport. The results of the study showed that the five main reasons why high school pupils participate in sport are: "to do something I am good at, to develop my body, teamwork, to learn new skills and to meet new people". These results are in accordance with other studies (Gill *et al.*, 1993; Wold & Kanna, 1994; Kolt *et al.*, 1999; Kolt & Capaldi, 2001). Conceptual relationships among participation motivation are likely to be based on factors or dimensions of participation motivation, rather than on specific reasons. For this reason a factor analysis was conducted and six factors were labelled: adventure/fun, achievement/acknowledgement, team spirit/affiliation, skill development/physical appearance, competition/challenge and energy release. These factors were used to determine whether there was a relationship between the reasons for sport participation and gender, race and age. In general the similarities between girls' and boys' responses in the current study were more striking than the differences that suggests that there need not be differences in the coaching of boys and girls on high school level. Only moderate effects were found in the relationship between race and sport participation. Practical significant differences were found between the boys and girls with regard to the competition factor. Gender did not have an effect on the other factors. Race had a medium effect on the reasons for sport participation whereas age showed no effect. Findings of the study can provide those who are involved in the world of sport, an awareness and literacy of the reasons why high school pupils participate in sport.

VERWYSINGS

ALDERMAN, R. (1976). Incentive motivation in sport: an interpretive speculation on research opportunities: sports coaching. *Proceedings of the national seminar for sport coaches (129-138).* Canberra: Government Publication Service.

ANASTASI, A. (1988). *Psychological testing* (6th ed.). New York, NJ: Macmillan.

ARMSTRONG, N. & McMANUS, A. (1994). Children's fitness and physical activity: a challenge for physical education. *British Journal of Physical Education,* 25: 20-26.

BARANOWSKI, T.; SMITH, M. & THOMPSON, W.O. (1999). Intraindividual variability and reliability in a 7-day exercise record. *Medicine and Science in Sports and Exercise*, 31(11): 1619-1622.

BIDDLE, S.J.H.; SALLIS, J.F. & CAVILL, N. (Eds.) (1998). Young and active? *young people and health-enhancing physical activity: Evidence and implications*. London: Health Education Authority.

BROOKS-GUNN, J. & REITER, E.O. (1990). The role of pubertal processes. In S. Feldman & G. Elliott (Eds.), *At the threshold: the developing adolescent* (16-53). Cambridge, MA: Harvard University Press.

DECI, E.L. (1975). *Intrinsic motivation*. New York, NJ: Plenum.

DECI, E.L. & RYAN, R.M. (1985). *Intrinsic motivation and self-determination in human behavior*. New York, NJ: Plenum.

FLOOD, S.E. & HELLSTEDT, J.C. (1991). Gender differences in motivation for intercollegiate athletic participation. *Journal of Sport Behavior*, 14: 159-167.

FREEDSON, P.S. & ROWLAND, T.W. (1992). Youth activity versus youth fitness: let's redirect our efforts. *Research Quarterley and Exercise*, 63: 133-136.

GILL, D.L.; GROSS, J.B. & HUDDLESTON, S. (1983). Participation motivation in youth sports. *International Journal of Sport Psychology*, 14: 1-14.

GILL, K. & OVERDOFF, V. (1994). Incentives for exercise in younger and older women. *Journal of Sport Behavior*, 17: 87-97.

GOULD, D.; FEITZ, D. & WEISS, M.R. (1985). Motives for participating in competitive youth swimming. *International Journal of Sport Psychology*, 16: 126-140.

HARTER, S. (1981). A model of intrinsic mastery motivation in children: individual differences and developmental change. In A. Collins (Ed.), *Minnesota symposium on child psychology* (14: 215-255). Hillsdale, NJ: Erlbaum.

ISO-AHOLA, S.E. (1999). Motivation for leisure. In E.L. Jackson & T.L. Burton (Eds.), *Understanding leisure and recreation: mapping the past charting the future* (247-279). State College, PA: Venture.

KIRKBY, R.J. & KOLT, G.S. (1999). Participation motives of young Australian and Chinese gymnasts. *Perceptual and Motor Skills*, 88: 363-373.

KLINT, K.A. & WEISS, M.R. (1987). Perceived competence and motives for participating in youth sports: a test of Harter's Competence Motivation Theory. *Journal of Sport Psychology*, 9: 55-65.

KOLT, G.S. & CAPALDI, R. (2001). Why do children participate in tennis? *ACHPER Healthy Lifestyles Journal*, 48(2): 9-13.

KOLT, G.S.; KIRBY, R.J.; BAR-ELI, M.; BLUMENSTEIN, B.; CHAADHA, N.K.; LIU, J. & KERR, G. (1999). A cross-cultural investigation of reasons for participation in gymnastics. *International Journal of Sport Psychology*, 30: 381-398.

LONGHURST, K. & SPINK, K.S. (1987). Participation motivation of Australian children involved in organized sport. *Canadian Journal of Applied Sport Sciences*, 12: 24-30.

MAEHR, M.I. & NICHOLLS, J.G. (1980). Culture and achievement motivation: a second look. In N. Warren (Ed.), *Studies in cross-cultural* psychology (3: 221-267). New York, NJ: Academic. .

MORRIS, T.; CLAYTON, H.; POWER, H. & JIN-SONG, H. (1996). Motives for participation in selected physical activities in Australia. *Technical Report to the Australian Sports Commission*. Canberra: ASC.

PRATT, M.; MACERAM, C.A. & BLANTON, C. (1999). Levels of physical activity and inactivity in children and adults in the United States: Current evidence and research issues. *Medicine and Science in Sport and Exercise*, 31(11): S526-S533.

RYCKMAN, R.M. & HAMEL, J. (1993). Perceived physical ability differences in the sport participation motives of young athletes. *International Journal of Sport Psychology*, 24: 270-283.

SAPP, M. & HAUBENSTRICKER, J. (1978). Motivation for joining and reasons for not continuing in youth sport programs in Michigan. Paper presented at the American Alliance for Health, Physical Education, Recreation and Dance National Conference, Kansas City, Missouri, April 7, 1978.

SAS INSTITUTE (1999). *The SAS System for Windows Release 8.02 TS Level 02M0*. Carey, NC: SAS Institute.

SCHOLTZ, G.J.L. (1979). *Kompetisie en aggressie in spel en sport*. Potchefstroom: Pro Rege.

STERN, H.P.; BRADLEY, R.H.; PRINCE, M.T. & STROH, S.E. (1990). Young children in recreational sports participation motivation. *Clinical Pediatrics*, 29(2): 89-94.

STEYN, H.S. 1999. *Praktiese beduidenheid: Die gebruik van effekgroottes*. Potchefstroom:

Publikasiebeheerkomitee, PU vir CHO (Wetenskaplike Bydraes, Reeks B: Natuurwetenskappe, nr. 117).

VAN DEVENTER, K.J. (1998). The state of participation in physical activities by high school learners: a survey in some Western Cape schools involving learners, teachers and parents. *South Afrcan Journal for Research in Sport, Physical Education and Recreation*, 21(2): 89-102.

WEINBERG, R.; TENENBAUM, G.; McKENZIE, A.; JACKSON, S.; ANSHEL, M.; GROVE, R. & FOGARTY, G. (2000). Motivation for youth participation in sport and physical activity: relationships to culture, self-reported activity levels, and gender. *International Journal of Sport Psychology*, 31: 321-346.

WEISS, M.R. (1993). Psychological effects of intensive sport participation on children and youth: self-esteem and motivation. In B.R. Cahill & A.J. Pearl (Eds.), *Intensive participation in children's sport* (1: 39-63). Champaign, IL: Human Kinetics.

WOLD, S. & KANNA, L. (1993). Sport motivation among young adolescents in Finland, Norwey and Sweden. *Scandinavian Journal of Medicine & Science in Sports*, 3(4): 283-291.

Dr. Mercia Coetzee: Skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskap, Noordwes-Universiteit, Privaatsak X6001, Potchefstroom 2520, Republiek van Suid-Afrika. Tel.: +27 (0)18 299 1792, Faks.: +27 (0)18 299 1825, E-pos: mbwmc@puknet.puk.ac.za

(Vakredakteur: Dr. K.J. van Deventer)

South African Journal for Research in Sport, Physical Education and Recreation Social Sciences, 2005, 27(1): 49-58.
Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning, 2005, 27(1): 49-58.
ISSN: 0379-9069

DIE IDENTIFISERING VAN SPORTPRESTASIEFAKTORE DEUR DIE GEBRUIK VAN REGRESSIE-ANALISE

Liesel DE VILLIERS & Jakobus G. LE ROUX
Departement Opvoedkundestudies, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, Republiek van Suid-Afrika

ABSTRACT

The objective of this investigation was to establish which factors contribute the most to sporting performance. A total of 198 athletes/players from different fields of sport were selected to participate in the research (88 males and 111 females). The coaches/trainers of the athletes/players were also involved in the project (10 males and 14 females). From a literature study, 22 factors which affect performance, were chosen. A process of elimination was used to select a final nine factors, which, according to the candidates, contributed most to sporting performance: coach/trainer, motivation, setting objectives, self-confidence, interest, concentration, communication, ability and diet. Null-hypotheses were then formulated to determine the correlation between these nine factors and sports performance. In each case, the null-hypothesis could be rejected on the 1% level of significance, which implied that

a positive correlation exist between the different factors and sporting performance. A systematic regression analysis was then undertaken to establish which of the factors measured in the questionnaire, represented the greatest proportion of variation in sporting performance. From the regression analysis it became clear that ability, self-confidence, diet, coach/trainer, motivation and communication are the most significant variables related to sporting performance and account for approximately 49% of the variation in sporting performance.

Key words: Sporting performance factors; Regression analysis; Variation in sporting performance.

INLEIDING

Elke atleet/speler wat aan 'n sportsoort, hetsy 'n spansport of individuele sport deelneem, wil graag presteer. Reeds in 1976 het Scholtz (p.3) die volgende omtrent prestasie gesê: “Die strewe na prestasie word beskou as 'n fundamenteel menslike behoefte of drang. Dis wat in 'n mindere of meerdere mate in alle mense teenwoordig is”. Volgens die skrywer omvat prestasie "letterlik alles wat die mens doen en wat op een of ander wyse aan 'n standaard van voortreflikheid gemeet kan word" (Scholtz, 1976: 36). Deesdae oorheers die wenmotief in enige sportsoort, en sport bied gevolglik geleenthede waar mense hul strewe na prestasie tot die uiterste kan beproef. Eersug en die strewe om ten alle koste te wen, kan vry algemeen by kompetisies waargeneem word. Die oorspronklike, aangename mededinging tussen sportdeelnemers het dus plek gemaak vir ’n uiters kompeterende gees, met oorwinning as die enigste einddoel. Jennings (1993: 29) verduidelik dit soos volg: "Everyone wants to be a winner. Being a winner in sport is defined in an extremely ruthless manner. Achieving the gold medal at the end of the race becomes the sole focus of the media, the public, the coach and the players".

Druk word van oral af op atlete/spelers uitgeoefen om te presteer - deur ouers, onderwysers, toeskouers en ondersteuners. Op internasionale vlak kan groot roem deur sport verwerf word, en daar moet deeglik rekening gehou word met die waarde van sport as ’n propagandamiddel. Daar word nie meer aan sport deelgeneem ter wille van sport nie, maar ter wille van prestasie. Die gesegde: "Dit is nie belangrik of jy wen of verloor nie, maar hoe jy speel", geld nie meer nie. "Winning has become such an overwhelming objective Competition no longer includes co-operation. It has become a life and death battle - on which jobs depend, scholarships hang, salaries hinge, and status comes and goes" (Neal, 1978: 116).

Ten spyte van die verskynsel dat die prestasiemotief allesoorheersend is, staan dit vas dat elke deelnemer aan sport nie altyd as 'n wenner uit die stryd kan tree nie. Sommige deelnemers presteer byvoorbeeld tydens 'n spesifieke byeenkoms uitstekend, maar tydens 'n volgende byeenkoms swakker. Dit dui daarop dat atlete/spelers se voeding, hul motivering, die weersomstandighede, ensovoorts, ’n invloed op hul prestasie kan uitoefen. 'n Ondersoek na die faktore wat die grootste bydrae tot sportprestasie lewer, blyk dus sinvol te wees.

ONTLEDING VAN DIE PROBLEEM

Mense regoor die wêreld ondersteun en moedig hul atlete en spelers aan en verwag ook van hulle om te wen. Wanneer twee internasionale rugby- of krieketspanne byvoorbeeld op die veld draf, sit miljoene mense regoor die wêreld vasgenael voor die televisie om te kyk wie as wenners uit die stryd gaan tree. Groot druk word sodoende op atlete/spelers geplaas. "In a culture where winning is billed as the 'only thing', the pressure to succeed is enormous. Not

only do athletes place upon themselves their own high personal demands, but the expectations of others make finishing anywhere other than first unthinkable" (Gough, 1989: 32). Sport het die eiendom van die massas en die media geword. Sportskares wil opwinding, prestasie, sensasie, rekords, oorwinnings en perfeksie hê. Gevolglik streef atlete/spelers daarna om aan hierdie hoë verwagtinge te voldoen.

Aanleg sal heel waarskynlik deur baie mense beskou word as een van die vernaamste faktore wat sportprestasie bepaal. Aanleg kan omskryf word as die potensiaal waaroor 'n persoon beskik, wat hom/haar in staat stel om 'n bepaalde vermoënsvlak te bereik met 'n gegewe hoeveelheid opleiding of oefening (Jacobs, 1998: 59). Aanleg dui verder op die peil van vaardighede en bekwaamhede wat 'n persoon in staat is om te bereik. Aangesien sommige sportdeelnemers altyd beter as ander presteer, kan daar geredeneer word dat sommige atlete/spelers in 'n spesifieke sportsoort oor 'n beter aanleg beskik, en dus 'n beter kans staan om in dié spesifieke sportsoort te presteer.

Goeie atlete/spelers se *liggaamsbou* is gewoonlik atleties van aard. 'n Oorgewig sportdeelnemer word selde gesien. Wanneer 'n persoon nie goed presteer nie, kan die probleem moontlik gesetel wees in die deelnemer se liggaamsbou en word soms opgemerk dat "die persoon nie gebou is vir (byvoorbeeld) atletiek nie". In hierdie verband merk Neal (1978: 85) die volgende op: "The body build of an athlete should be taken into consideration because it can limit his/her potential in a particular sport".

Motivering is ook 'n belangrike bydraende faktor tot sportprestasie. Hieroor maak Kirkendall *et al*. (Strand & Wilson, 1993: 3) die volgende uitlating: "Motivation is a force that leads individuals to ultimate achievement". Motivering kan beskou word as 'n interne meganisme

wat gedrag inisieer, reguleer en in stand hou. Aangesien motivering 'n interne proses is, kan dit nie altyd direk bestudeer word nie. Tog kan daar wel aannames oor 'n persoon se gemotiveerdheid gemaak word.

Wat opvallend is, is dat dieselfde atlete/spelers op verskillende tye verskillend presteer. Dieselfde atleet of span kan byvoorbeeld tydens een kompetisie uitstekend vaar en maklik wen, terwyl hulle by 'n volgende geleentheid vele foute begaan of uiters swak vaar. Indien 'n span of individue wen, meld hulle dikwels dat hulle gemotiveerd was. Indien hulle egter verloor, skryf hulle dit toe aan gebrekkige motivering.

Dit is moontlik dat atlete/spelers se prestasies deur die *afrigting* wat hulle ontvang, asook deur die sportafrigter, beïnvloed kan word. Moderne sportafrigting is vandag dwarsoor die wêreld in die hande van talle professionele deskundiges wat hul ten doel stel om atlete/spelers tot maksimumprestasie te dryf. Labuschagne (1994: 1) som die vele eienskappe van 'n suksesvolle afrigter soos volg op: "… dit wissel van die vermoë om leiding te gee en entoesiasme, kennis en doelgerigtheid oor te dra, tot die vermoë om menslike oefenfisiologie te begryp en op atlete toe te pas. Die afrigter word ook beskryf as 'n persoon wat weet wat om te doen wanneer atletiekbeplanning skeefloop en die atleet nie na wense presteer nie".

Vir die deelnemer aan sport is die keuse van 'n afrigter van groot belang. As daar byvoorbeeld gekyk word na die Springbok-rugbyspan en die groot bohaai wat oor die keuse van die spanlede en die afrigter gemaak word wanneer die span 'n wedstryd verloor, moet die afrigter van die atleet/speler uiteraard as 'n oorwegende faktor beskou word wat sportprestasie positief of negatief kan beïnvloed. Die belangrike rol wat die afrigter vertolk, word soos volg deur

Labuschagne (1994: 1) beklemtoon: "Uit watter hoek daar ook al na die saak gekyk word, die feit bly staan dat die afrigter 'n sleutelposisie beklee ten opsigte van die sukses van die atleet".

Dr. Mercia Coetzee: Skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskap, Noordwes-Universiteit, Privaatsak X6001, Potchefstroom 2520, Republiek van Suid-Afrika. Tel.: +27 (0)18 299-1792, Faks.: +27 (0)18 299-825, E-pos: mbwmc@puknet.puk.ac.za

(Vakredakteur: Dr. K.J. van Deventer)

South African Journal for Research in Sport, Physical Education and Recreation Social Sciences, 2005, 27(1): 101-115.
Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning, 2005, 27(1): 101-115.
ISSN: 0379-9069

FISIEKE FIKSHEID, FISIEKE AKTIWITEIT EN FISIEKE AKTIWITEITSPATRONE VAN PLAASWERKERKINDERS: FLAGH-STUDIE

Anita PRINSLOO & Anita E. PIENAAR
Skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskap, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom, Republiek van Suid-Afrika

ABSTRACT

The aim of this study was to analyse the physical activity patterns, physical activity levels and physical fitness of 4- to 16-year-old children (37 children; 19 girls and 18 boys) of farm workers, living on a farm in the North-West Province and attending the farm school. Descriptive statistics and analysis of variance (ANOVA), followed by a Tukey-post hoc-test, t-testing and the SAS-statisical program were used to analyse the data. With reference to physical fitness, their performance in the modified sit-and-reach, handgrip (left and right), pull-ups, bent armhang, standing long jump and the bleep tests (Wood, 1997; Docherty, 1996; Brewer et al., 1988) were determined. The 9 to 16-year-old group also completed a physical activity recall (PDPAR0

questionnaire (Trost et al., 1999) to determine their physical activity levels and patterns. Body size and body composition were analysed by means of anthropometric variables (height, mass, BMI and sub scapular and triceps skinfolds). From the results it seems that the farm environment where the children grew up does have an influence on their physical activity, indicating a reasonably high (a moderate physical activity classification) in the 9 to 16-year-old group. The analysis of their physical activity patterns indicated that this activity levels could largely be ascribed to walking, daily chores, work tasks they have to perform on the farm, games they play and few TV viewing hours. With regard to the relationship between physical activity and physical fitness, no significant relationships were found. However, low fat percentages and BMI values were found, which may have affected their physical fitness.

Key words: Physical fitness; Physical activity; Children; Farm worker; Sosio-economic status.

INLEIDING

Met die Thusa-studie (Transition and Health during Urbanisation in South Africa) (Vorster *et al*., 2000) is plaaswerkers in die Noordwes-provinsie as 'n kwesbare groep geïdentifiseer ten opsigte van hul voedingstatus, asook fisieke en psigiese gesondheid. Verdere navorsing is aanbeveel ten einde die voorgenoemde agterstande te probeer ophef. Kinders van plaaswerkers word meestal die volgende generasie werkers op die plase, derhalwe is dit ook belangrik om na hulle welstand en gesondheid om te sien. Henneberg *et al*. (2001) rapporteer in die verband dat 'n relatief swak fisieke vermoë onder kinders vanuit lae SES omgewings tot in hulle laat tienerjare voorkom, en dat die tendens waarskynlik sal voortduur tot in hulle volwassenheid. Hierdie swak fisieke vermoëns gekombineer met 'n swak opvoedingspeil by kinders wat uit landelike gemeenkappe kom, kan hulle toekomstige rolle in die ekonomie negatief beinvloed aangesien die meeste van hulle werksgeleenthede sal kry in sektore waar fisieke hande arbeid en 'n groot mate van handbehendigheid benodig sal word, waarvoor hulle nie noodwendig opgewasse sal wees nie. Laer energievlakke word ook by sodanige kinders deur die navorsers gerapporteer wat hulle fisieke aktwiteitspatrone kan beïnvloed.

Fisieke aktiwiteit kan die fisieke fiksheid en die gesondheid van kinders en volwassenes beïnvloed (Emiola *et al*., 2002). Lae fisieke aktiwiteit en fiksheid word met verskeie gesondheidsrisikofaktore geassosieer (Shropshire & Carrol, 1998; Cooley & McNaughton, 1999; Pate *et al*., 1999). In die verband word verbande tussen liggaamsamestelling en fisieke fiksheid aangedui (Riddoch & Boreham, 1995; Raudsepp & Jürimäe, 1996; Engelbrecht *et al*., 2001; Leslie *et al*., 2001). Faktore soos geslag, ouderdom, sosio-ekonomiese toestande, etnisiteit en kultuur kan egter 'n rol in kinders se fisieke aktiwiteit speel (Myers *et al*., 1996; Pate *et al*., 1997; Prista *et al*., 1997). Kinders vanuit laer sosio-ekonomiese asook landelike omgewings beskik meestal oor hoë fisieke-aktiwiteitsvlakke wat grootliks daaraan toegeskryf kan word dat hulle ook huishoudelike werksaktiwiteite moet verrig (Corlette & Mokgwathi, 1986; Prista *et al*., 1997). Volgens Kriska (2000) is aktiwiteite soos om te loop na bestemmings, familieversorging en die uitvoer van huishoudelike take kenmerkend van kinders van laer sosio-ekonomiese groepe. Dit blyk dat in gemeenskappe waar daar min tyd vir speel is, kinders tyd daarvoor maak deur speletjies met hulle alledaagse werkstake te integreer (Hughes, 1999; Peltzer *et al*., 2002).

Daar is min Suid-Afrikaanse studies beskikbaar waar fisieke aktiwiteit en fisieke fiksheid van

kinders uit ’n lae sosio-ekonomiese omgewing en veral geïsoleerde omgewings soos plase met betrekking tot hierdie veranderlikes ontleed word. Met hierdie artikel word beoog om die fisieke fiksheid en fisieke-aktiwiteitsvlakke van plaaswerkerkinders te ondersoek asook moontlike verbande daartussen. Dit was in die verband ook belangrik om hulle fisieke-aktiwiteitspatrone in meer besonderhede te bestudeer, aangesien inligting daaromtrent fisieke aktiwiteitsvlakke sowel as die stand van hulle fisieke fiksheid beter kan toelig. Indien tekortkominge gevind word en intervensie moontlik benodig sou word wat uit die studie bepaal wil word, kan die aktiwiteitspatrone van die kinders riglyne bied van moontlike aktiwiteite wat in sodanige intervensieprogramme aangespreek moet word. Alhoewel die groepe vir vergelykingsdoeleindes klein is, is geslagsverskille met betrekking tot fisieke fiksheid, fisieke aktiwiteitsvlakke en aktiwiteitspatrone ook ontleed.

METODES EN PROSEDURES

Navorsingsontwerp

Die studie vorm deel van ’n multidissiplinêre navorsingsprojek (FLAGH-studie - Farm Labour And General Health) wat deur die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Noordwes-Universiteit (NWU) se Potchefstroom Kampus uitgevoer word en deur die etiekkomitee van die Universiteit goedgekeur is (nr. 00M21). Plaaswerkers en hulle gesinne in die Noordwes-provinsie is vir hierdie navorsingsprojek geïdentifiseer. Die teikenpopulasie sluit alle mense in wat op die geselekteerde plaas woon (die boer, sy werkers en hulle familie, en ander). ’n Plaasgemeenskap is in drie kategorieë verdeel, naamlik ’n groot kommersiële plaas (dit verwys na ’n minimum van 20 huishoudings per plaas), klein kommersiële plase (dit verwys na minder as 20 huishoudings per plaas) en kommunale plase (dit verwys na ’n

tradisionele boerdery onder die leiding van ’n stamleier). Daar word met die FLAGH studie beoog om kinders op verskillende plase in die onderskeie kategorieë te toets. Dié projek het ’n aanvang in die Potchefstroom-area geneem op ’n groot kommersiele plaas met twee gemeenskappe bestaande uit ongeveer 80 huishoudings wat op die plaas woonagtig is. ’n Multi-dissiplinere gesondheidspan bestaande uit maatskaplike werkers, sielkundiges, fisioloë, voedingkundiges, verpleegkundiges, kinderkinetici en navorsers van verbruikerswetenskappe het verskeie vorme van inligting by die plaasgemeenskap bekom. Die gedeelte wat in hierdie artikel gerapporteer word, is slegs op die kinders wat in die gemeenskap leef en skoolgaan van toepassing, en die inligting is deur Kinderkinetici van die Skool vir Biokinetika Rekreasie en Sportwetenskap ingesamel. Hierdie studie kan beskou word as ’n loodsprojek van die FLAGH studie aangesien basislyn inligting eerstens deur die onderskeie navorsers in die projek benodig is voordat verdere navorsing beplan kon word.

Proefpersone

Die ondersoekgroep het bestaan uit die 37 plaaswerkerskinders (19 dogters en 18 seuns) tussen die ouderdom van vier en 16-jaar wat op die plaas woonagtig is en skoolgaan. Die jonger kinders in die studie word daagliks in ’n dagsorgsentrum wat langs die skool aangebring is, versorg.

Meetinstrumente

Fisieke-fiksheidstoetsbattery en liggaamsamestelling

Gesondheidsbevorderende fisieke fiksheid sluit meestal krag, soepelheid, aërobiese uithouvermoë en liggaamsamestelling in. Die volgende aspekte is in die verband by die groep getoets:

Gebuigde armhang (slegs dogters) wat die kraguithouvermoë van die boarm, skouer en borsspiere in sekondes meet (Wood, 1997).

Optrekke (slegs by seuns) wat die krag van die boarm, skouer en borsspiere in hoeveelheid optrekke gedoen meet (Wood, 1997).

Linker- en regterhandgreepkrag (kg), gemeet deur die Lafayette-handgreepdinamometer (Wood, 1997).

Die gemodifiseerde sit-en-reik-toets wat die soepelheid van die lae rug en hampese deur middel van ’n standaardkas en –maatstok meet (Docherty, 1996).

Die Bleep-toets wat ’n indirekte meting van VO_2-maks. is. Die aërobiese kapasiteit word bepaal volgens die 20m-wisselloopvlak waarby ’n proefpersoon nie meer die progressiewe pasverhoging kan haal nie (Brewer *et al*., 1988). In die studie word indirekte waardes van VO_2-maks. gebruik omdat ’n hoë korrelasie (r=0.79) tussen die direkte en indirekte VO_2-maks. gerapporteer word (Ramsbottom *et al*., 1988).

Liggaamsamestelling, liggaamslengte, liggaamsmassa, vetpersentasie, triceps velvou, subskapulêre velvoue, LMI (Liggaamsmassa indeks) en aantal TV-kykure is bykomend vir die interpretasie van fisieke-fiksheidsresultate gemeet. Die vetpersentasie-bepalingsformule van Boileau *et al*. (1985) is gebruik.

Die Previous Day Physical Activity Recall (PDPAR)

Die vrealys, saamgestel deur Trost *et al*. (1999), is gebruik om die fisieke aktiwiteitsvlakke sowel as die fisieke aktiwiteitspatrone van die kinders te ontleed. ’n Relatiewe energiewaarde is gebruik om die intensiteit van die aktiwiteite as ’n metaboliese (MET) waarde uit te druk. Die waarde van een MET verteenwoordig die energieverbruik wat met rus geassosieer word en is gelyk aan 1 kkal/kg/uur of 3.5 ml O_2/kg/min.

Met die PDPAR-vraelys (herroepingsvraelys oor 24 uur) is inligting ingewin wat verband hou met die kinders se fisieke aktiwiteite van ’n voorafgaande weekdag en een dag gedurende die naweek. Die vraelys word ingedeel in intervalle van 30 minute waar die kinders die aktiwiteite moet invul wat hulle in daardie tydsperiode op die betrokke dag gedoen het.

Die proefpersone is gevra om terug te dink aan wat hulle die vorige dag gedoen het. Die aktiwiteitsintensiteit van die aktiwiteite wat hulle vermeld, word dan as hoog (3), matig (2) of laag (1) gekategoriseer. Kinders word soos volg volgens hulle aktiwiteitsvlakke geklassifiseer:

Hoog aktief is wanneer daar een periode of meer periodes van 30 minute elk met ses METS-waardes gekodeer is.

Matig aktief is wanneer daar twee of meer periodes van 30 minute met drie METS-waardes gekodeer is.

Laag aktief is as daar nie aan die hoog of matige aktiwiteitstandaarde voldoen word nie (Pate *et al*., 1997).

Dit was nodig om sekere byvoegings met betrekking tot die aktiwiteite te maak om sodoende by die Suid-Afrikaanse kultuurverskille aan te pas. Enkele tradisionele spele van Tswana-

kinders met die METS-waarde van elke aktiwiteit, is tot die lys van aktiwiteite gevoeg (Engelbrecht, 2001).

Die PDPAR-meetinstrument is deur Weston *et al*. (1997) as 'n betroubare en geldige meetinstrument getoets (toets-hertoets-betroubaarheidskoëffisiënt = 0.99; $p<0.01$) en is reeds met welslae deur verskeie navorsers (Pate *et al*., 1997; Prista *et al*., 1997) gebruik.

Navorsingsprosedure

Navorsing is op 'n groot kommersiële plaas uitgevoer wat ongeveer 50 km buite Potchefstroom geleë is. 'n Kind is vir toetsing ingesluit, nadat die toestemming van die betrokke skoolhoof of dagversorger verkry is en ingeligte toestemmingsvorms deur die ouers vir goedkeuring van deelname voltooi is. Die navorsing het tydens skoolure plaasgevind, en daar is van opgeleide tolke gebruik gemaak om te verseker dat die kinders al die vrae verstaan. Die metings van liggaamsamestelling [tricepsvelvou, subskapulêre velvou, liggaamsvetpersentasie, massa, lengte, LMI (Liggaamsmasa indeks)], fisieke-fiksheid (gemodifiseerde sit-en-reik, handgreepkrag (links en regs) en staande verspring (Brewer *et al*., 1988; Docherty, 1996; Wood, 1997) is op al 37 kinders (19 dogters en 18 seuns) uitgevoer. Die meting van gebuigde armhang is slegs op dogters uitgevoer en die van optrekke op seuns (23 kinders waarvan 11 dogters en 12 seuns het dit uitgevoer). Die fisieke-aktiwiteitsvraelys (Trost *et al*., 1999) en die bleep toets ('n indirekte VO_2-maks.- toets) is deur slegs 19 kinders in die groep (nege dogters en 10 seuns) tussen die ouderdom van nege en 16-jaar voltooi,

aangesien die jonger kinders nie in staat is om vraelysinligting op 'n betroubare wyse weer te gee nie, terwyl die bleep toets ook nie aanbeveel word vir toepassing op baie jong kinders nie. Sosio-ekonomiese status (SES) is bepaal deur inkomste, behuising, water en elektrisiteit en hiervolgens kan die groep se SES as laag beskou word.

Statistiese ontleding

Die data is met behulp van die rekenaarprogram, Statistica for Windows (StatSoft Inc. SA, 2002), verwerk. Beskrywende statistiek is gebruik om rekenkundige gemiddeldes, standaardafwykings en maksimum en minimum waardes te bepaal. 'n Variansie-ontleding (ANOVA) opgevolg met Tukey-*post hoc*-toetse asook verdere onafhanklike t-toetse is gebruik om die fisieke-fiksheidsresultate mee te ontleed. Praktiese betekenisvolheid is bereken wanneer 'n statistiese betekenisvolle verskil gekry is, waar 'n EG >0.8 (groot), EG >0.5 (medium) prakties betekenisvolle verskille aandui. Aktiwiteite waaraan die kinders deelgeneem het, is deur middel van die SAS-rekenaarprogram volgens gemiddelde halfure en in volgorde vir ontledingsdoeleindes, gerangskik (SAS, 1991).

RESULTATE EN BESPREKING

Kinders is vir besprekingsdoeleindes in 'n 4- tot 8-jarige en 9- tot 16-jarige groep verdeel. In die bespreking word veral op die hoër ouderdomsgroepe gefokus, aangesien meer volledige inligting oor hulle verkry kon word.

TABEL 1. **BETEKENISVOLHEID VAN VERSKILLE IN FISIEKE FIKSHEID VAN 4- TOT 8-JARIGE SEUNS EN DOGTERS**

	Dogters (n=10)				Seuns (n=8)				Betekenisvolheid van verskille			
	$\bar{x}$	sa	Min	Maks.	$\bar{x}$	sa	Min	Maks.	gvv	t	p	EG
Massa	20.4	3.9	14.6	24.5	20.1	4.3	13.8	27.6	16	-0.189	0.85	

Lengte	118.8	9.2	100.0	131.7	108.1	13.6	86.0	128.1	16	-1.993	0.06*	0.79
LMI	14.4	1.8	10.5	17.3	17.3	2.9	14.1	22.9	16	2.574	0.02*	1.0
Triceps	6.7	2.1	3.0	10.0	7.1	1.5	5.0	9.0	16	0.498	0.63	
Subskapulêr	5.4	1.9	3.0	8.8	5.4	1.2	4.0	7.3	16	0.008	0.99	
Vet %	11.2	3.9	4.0	17.0	11.1	2.5	8.0	14.0	16	-0.048	0.96	
Handgr - R	10.9	3.3	5.0	16.0	12.1	3.3	9.0	18.0	16	0.775	0.45	
Handgr- L	9.8	3.3	5.0	15.0	10.6	3.7	5.5	16.5	16	0.462	0.65	
Sit-en-reik	25.4	4.2	16.5	30.5	21.3	4.2	13.0	25.0	16	-2.067	0.05*	0.98
Standverspring	103.8	19.2	58.0	123.0	98.9	18.6	71.0	125.0	16	-0.548	0.59	

sa = Standaardafwyking, $\bar{x}$ = Rekenkundige gemiddeld, Min = Minimum waardes, Maks. = Maksimum waardes, gvv = grade van vryheid, t = t-waarde, p = p-waarde, betekenisvolle verskil, $p<0.05$(*), EG = Effek grootte (praktiese betekenisvolheid waar EG>0.8 groot en >0.5 medium betekenisvolheid aandui)

Tabel 1 dui die fisieke-fiksheidstatus van die 4- tot 8-jarige seuns (n=10) en dogters (n=8) afsonderlik aan, asook die statisties en praktiese betekenisvolheid van verskille wat tussen die twee geslagte gevind is. Hieruit kan gesien word dat die dogters langer (p=0.064) is en verder kan spring as die seuns (alhoewel die verskil nie betekenisvol is nie), terwyl die LMI (p=0.02, EG=1.0) en handgreepkragwaardes (p>0.05) van die seuns hoër as die van die dogters is. Die dogters se soepelheid het ook grenslyn statisties maar praktiese betekenisvolle hoër (p=0.05,

EG=0.98) waardes as die van die seuns getoon. Met betrekking tot liggaamsvetpersentasie en massa is geen verskille tussen die twee geslagte gevind nie, alhoewel lengteverskille (p=0.064) op 'n 10%-peil van betekenisvolheid gevind is. Beide die seuns (11.1%) en die dogters (11.2%) se vetpersentasie en die dogters se LMI-waardes ($\bar{x}$ =14.4) val volgens Lohman (1992) onder die 50ste persentiel vir hulle ouderdomsgroep. Die seuns se LMI-waardes val tussen die 85ste en 90ste persentiel.

Tabel 2 bevat die beskrywende inligting van die fisieke-fiksheidstatus, fisieke aktiwiteit, aantal TV-ure en liggaamsamestelling van die 9- tot 16-jarige seuns (n=10) en dogters (n=9) (Tabel 2), asook die betekenisvolheid van die verskille tussen die twee geslagte.

TABEL 2. **BETEKENISVOLHEID VAN VERSKILLE IN LIGGAAM-SAMESTELLING, FISIEKE FIKSHEID EN FISIEKE-AKTIWITEIT VAN 9- TOT 16-JARIGE SEUNS EN DOGTERS**

	Seuns (n=10)				Dogters (n=9)				Betekenisvolheid van verskille			
	$\bar{x}$	sa	Min	Maks.	$\bar{x}$	sa	Min	Maks.	gvv	t	p	EG
Massa	31.9	6.3	24.0	45.3	30.3	8.1	19.5	46.2	17	-0.51	0.62	
Lengte	140.5	10.6	125.0	161.0	141.9	9.5	127.6	157.7	17	0.30	0.77	
LMI	16.0	1.1	14.1	17.5	15.1	3.7	7.8	22.3	17	-0.78	0.45	
Triceps	4.8	0.9	3.5	6.0	8.0	3.0	5.0	14.0	17	3.22	0.005*	1.07
Subskapulêr	5.2	0.8	4.0	6.0	7.0	2.2	4.5	11.5	17	2.46	0.025*	0.82
Vet %	8.3	1.5	7.0	11.0	13.4	3.9	10.0	20.0	17	3.90	0.001*	1.31
Handgr - R	20.9	5.5	14.0	34.5	18.6	3.4	15.0	25.0	17	-0.08	0.30	
Handgr - L	20.7	5.3	12.5	32.0	18.4	4.7	11.5	26.0	17	-0.98	0.34	
Sit-en-reik	28.8	3.4	24.0	35.8	31.8	6.4	17.0	38.7	17	1.28	0.22	
Geb- armhang	-	-	-	-	9.5	5.7	2.2	20.0	7	-	-	
Optrek	3.9	2.4	0.5	8.5	-	-	-	-	-	-	-	
Standverspring	145.1	19.0	117.0	185.0	131.8	9.9	117.0	149.0	17	-1.89	0.08	
Bleep	8.5	1.3	7.0	10.1	4.0	0.7	3.1	5.1	17	-8.84	0.00*	3.46
VO2-Maks	42.8	4.5	37.1	49.3	27.8	2.2	25.4	31.8	17	-9.03	0.00*	3.13
TV-ure	1.5	1.1	0.0	3.3	1.0	0.9	0.0	2.8	17	-1.02	0.32	
FA klas (wk+nw)	2.2	0.3	1.5	2.5	1.9	0.5	1.0	3.0	17	-1.26	0.23	

TV-ure = aantal ure per dag, FA-klas (wk+nw) = Fisieke-aktiwiteitsklassifikasie gedurende die week (wk) en naweek (nw), EG = Effek grootte (praktiese betekenisvolheid)

Uit Tabel 2 kan statistiese ($p<0.05$) en groot praktiese betekenisvolle verskille tussen die twee geslagte tussen 9- en 16-jaar gesien word met betrekking tot die triceps- en subskapulêre velvoue, liggaamsvetpersentasie (dogters se waardes hoër), bleep en VO_2-maks. (dogters se waardes laer). Alhoewel nie betekenisvol nie, blyk tendense van verskille tussen die twee geslagte ook voor te kom: Die seuns het hoër waardes in LMI, handgreepkrag (links en regs) en staande verspring, teenoor die dogters se hoër sit-en-reik-waardes en effens langer liggaamslengtes. Wat massa betref, is die twee geslagte se waardes ongeveer dieselfde. In longitudinale studies wat geslagsverskille ondersoek het, is gevind dat die gemiddelde VO_2-maks.-waardes altyd groter by seuns as by dogters is (Rowland, 1990; Cooley & McNaughton, 1999), 'n bevinding wat deur hierdie studie se resultate bevestig word. 'n Verdere studie wat die resultate bevestig, is dié van Prista *et al*. (1997) betreffende 8- tot 15-jarige seuns en dogters afkomstig vanaf laer sosio-ekonomiese omgewings in Maputo. Dié resultate dui aan dat seuns fikser as dogters is en dat hulle oor beter fiksheid as kinders vanuit hoër sosio-ekonomiese omgewings beskik. Dié navorsers skryf die voorgenoemde resultaat toe aan 'n aktiewer leefwyse, die afwesigheid van die negatiewe invloed van obesiteit en 'n positiewe kulturele effek. Die vetpersentasie van die 9- tot 16-jarige seuns (8.3%, Tabel 2) sowel as die van dogters (13.4%, Tabel 2) val volgens Lohman (1992) se indeling onderskeidelik in die baie lae en die lae kategorie. Volgens Lohman sal 'n vetpersentasie wat in die optimale kategorie val (tussen 10 en 20% vir seuns en 15-25% vir dogters goeie gesondheid ondersteun). Een moontlike oorsaak vir die lae vetpersentasies wat by die groep kinders gevind is kan 'n swak voedingstatus wees wat deur die navorsing van voedingskundiges in die multidissiplinêre span bevestig is (Kruger *et al.,* 2004). Kroniese matige, tot ernstige ondervoeding word geassosieer met 'n kleiner liggaamsgrootte en spiermassa, laer fisieke prestasievlakke (krag, aërobies en motories) en laer vlakke van fisieke aktiwiteit, aldus Malina *et al.* (2004). Kruger *et al.* (2004) rapporteer 27% van die kinders as ondervoed, 24% as kort vir hulle liggaamslengte ('stunted') en 2.4% as skraal vir hulle liggaamsmassa ('wasted').

TABEL 3. **AKTIWITEITE WAT DIE SEUNS EN DOGTERS TYDENS 'N WEEKDAG VERRIG HET, GERANGSKIK (PER HALFUUR) VOLGENS DIE HOOGSTE VOORKOMS**

	Seuns (9-16 jaar)				Dogters (9-16 jaar)		
No	Aktiwiteit	Gemiddeld	Mets	No	Aktiwiteit	Gemiddeld	Mets
1	Slaap	0.31	0.9	1	Slaap	0.349	0.9
2	Kyk TV	0.133	1.5	2	Kyk TV	0.101	1.5
3	Eet	0.086	1.5	3	Eet	0.09	1.5
4	Loop stadig	0.081	2.8	4	Loop stadig	0.09	2.8
5	Jagertjie	0.057	5	5	Sit stil	0.053	1
6	Dans	0.033	3	6	"Hopschotch"	0.053	5
7	Speel wegkruipertjie	0.029	3	7	Was skottelgoed	0.048	1.6
8	Sit stil	0.024	1	8	Spring tou	0.032	10
9	Maak tuin nat	0.024	1.5	9	Inkopies	0.026	2
10	Spit/grawe	0.019	5	10	Bons en vang bal	0.026	2.5
11	Skop bal	0.019	3	11	Kook	0.021	2.1
12	Ry stadig fiets	0.014	3	12	Maak tuin nat	0.016	1.5
13	Was skottelgoed	0.014	1.6	13	Huistake/vee	0.016	2.1
14	Kook	0.014	2.1	14	Sit/praat met vriende	0.016	1.5

15	Inkopies	0.014	2	15	Ry stadig fiets	0.011	3
16	Kap hout	0.014	6	16	Stort/bad/was	0.011	2
17	Draf/hardloop(vang kuikens)	0.014	7	17	Loop vinnig	0.011	5
18	Vang vis	0.014	2	18	Pak goedere	0.011	3
19	Stort/bad/was	0.01	2	19	Motor/bus	0.005	1.5
20	Loop vinnig	0.01	5	20	Dra water	0.005	3.8
21	Sokker	0.01	7	21	Dra/laai hout	0.005	5
22	Versorg diere	0.01	2	22	Babaversorging	0.005	3
23	Motor/bus	0.005	1.5	23			
24	Huistake/vee	0.005	2.1	24			
25	Was klere	0.005	3	25			
26	Stryk	0.005	2.3	26			
27	Dra water	0.005	3.8	27			
28	Maak vuur	0.005	2	28			
29	Draadkar	0.005	5	29			
30	"Hopschotch"	0.005	5	30			
31	Bons en vang bal	0.005	2.5	31			
32	Speel skool	0.005	2	32			

Uit Tabel 3 wat die lys van aktiwiteite van die 9- tot 16-jarige seuns en dogters tydens die week aandui, kan gesien word dat die aktiwiteite wat op weekdae die meeste tyd in beslag neem, meestal sedentêr van aard is, maar dat die kinders ook verskeie werksaktiwiteite verrig en speletjies speel wat hoër energievlakke vereis. Ter bevestiging van dié resultate rapporteer Kriska (2000) dat deelname aan aktiwiteite soos om te loop, familieversorging en die uitvoer van huishoudelike take kenmerkend van kinders uit laer sosio-ekonomiese groepe is. Prista *et al*. (1997) se studie toon ook dat kinders uit ’n laer sosio-ekonomiese omgewing meer huishoudelike (binne sowel as buite die huis) en broodwinnerstake verrig en meer loop as kinders (veral seuns) uit hoër sosio-ekonomiese omgewings waar meer tyd aan sportbeoefening spandeer word.

TABEL 4. **AKTIWITEITE WAT DIE SEUNS EN DOGTERS TYDENS DIE NAWEEK VERRIG HET, GERANGSKIK (PER HALFUUR) VOLGENS DIE HOOGSTE VOORKOMS**

	Seuns				Dogters		
No	Aktiwiteit	Gemiddeld	Mets	No	Aktiwiteit	Gemiddeld	Mets
1	Slaap	0.219	0.9	1	Slaap	0.244	0.9
2	Loop stadig	0.1	2.8	2	Eet	0.086	1.5
3	Kyk TV	0.094	1.5	3	Sing	0.082	2.5
4	Eet	0.09	1.5	4	Sit stil	0.079	1
5	Skop bal	0.071	3	5	"Hopschotch"	0.072	5
6	Versorg diere	0.068	2	6	Kyk TV	0.057	1.5
7	Sit stil	0.039	1	7	Spring tou	0.054	10
8	Maak tuin nat	0.029	1.5	8	Kook	0.05	2.1
9	Kyk bal spele	0.026	1.5	9	Was skottelgoed	0.047	1.6
10	Tennis	0.026	7	10	Stort/bad/was	0.043	2
11	Sing	0.026	2.5	11	Loop stadig	0.032	2.8
12	"Hopschotch"	0.026	5	12	Huistake/vee	0.032	2.1
13	Huistake/vee	0.019	2.1	13	Naaldwerk	0.032	1.5
14	Was skottelgoed	0.019	1.6	14	Godsdiensbeoefening	0.022	1.5
15	Stort/bad/was	0.016	2	15	Bons en vang bal	0.018	2.5
16	Dra/laai hout	0.016	5	16	Speel pop	0.014	2.5
17	Ry stadig fiets	0.013	3	17	Speel kaarte	0.007	2
18	Inkopies	0.013	2	18	Versorg diere	0.004	2
19	Kap hout	0.013	6	19	Ry stadig fiets	0.004	3

20	Dans	0.013	3	20	Dra water	0.004	3.8
21	Sokker	0.01	7	21	Maak vuur	0.004	2
22	Sit, lees boek	0.006	1.3	22	Loop vinnig	0.004	5
23	Pak goedere	0.006	3	23	Maak bed op	0.004	2
24	Motor/bus	0.003	1.5	24	Hark gras	0.004	4
25	Kook/skep kos in	0.003	2.1	25			
26	Was klere	0.003	3	26			
27	Dra water	0.003	3.8	27			
28	Erf skoonmaak	0.003	5	28			
29	Sit, praat met vriende	0.003	1.5	29			
30	Godsdiensbeoefening	0.003	1.5	30			
31	Maak vuur	0.003	2	31			
32	Draadkar	0.003	5	32			
33	Pak goedere af	0.003	5	33			
34	Babaversorging	0.003	3	34			
35	Brandbal	0.003	3	35			
36	Skiet	0.003	2	36			

Tabel 4 wat die naweekaktiwiteite aandui, toon dat die vier aktiwiteite met die hoogste voorkoms by seuns en dogters veral sedentêr van aard is, alhoewel hulle ook werksaktiwiteite gedurende die naweek verrig. Dit wil verder voorkom of die seuns en die dogters 'n groter verskeidenheid ontspanningsaktiwiteite gedurende die naweek, vergeleke met tydens die week uitvoer, en dat die seuns tydens die week (Tabel 3) en die naweek (Tabel 4) by benadering effens langer tye as die dogters aan TV-kyk spandeer. Tabel 2 toon egter dat beide die seuns ($\bar{x}$ = 2.20) en die dogters ($\bar{x}$ = 1.9) as 'n groep *matig aktief* is, 'n tendens wat bevestig word deur die geraadpleegde literatuur oor die fisieke aktiwiteitsvlakke van kinders uit lae sosio-ekonomiese omgewings (Prista *et al*., 1997; Hughes, 1999; Kriska, 2000). 'n Verskeidenheid huishoudelike en ander werkstake word deur beide die seuns en die dogters verrig wat ook daartoe kon bydra dat hulle matig aktief is. Tabelle 3 en 4 se resultate bevestig dat kulturele faktore moontlik ook 'n invloed op die fisieke-aktiwiteitsvlakke van die kinders kon uitoefen, aangesien dans en musiek sterk komponente is van die speletjies wat hulle speel en van die plaaslike leefwyse (speel met draadkarre, dans en tyd wat aan die kyk van sokkerwedstryde spandeer word). Die kinders verrig baie werksaktiwiteite soos tuinnatmaak, versorging van diere, skottelgoed was, houtkap, kook en huistake/vee. Die speletjies wat hulle speel sluit die volgende in: jagertjie, wegkruipertjie, speel met balle, touspring, 'hopscotch' en tennis. Hughes (1999) stel in dié verband dat kinders wat in gemeenskappe grootword waar daar min tyd vir speel is, tyd daarvoor maak deur speletjies met hul werk te integreer.

Tabel 5 bied 'n ontleding van die 9- tot 16-jarige ouderdomsgroep en die geslagte afsonderlik met betrekking tot hulle onderskeie fisieke-aktiwiteitsvlakke. Hieruit blyk dit dat die seuns gedurende die week sowel as die naweek effens meer aktief as die dogters is. Dit blyk ook dat die seuns meer aktief is tydens naweke as gedurende die week, waar die dogters se fisieke-aktiwiteitsvlakke baie soortgelyk tydens die week en naweek is. Daar is volgens Sherman (2000) 'n gelyke afname in die naweek se fisieke-aktiwiteitsvlakke van seuns en dogters tussen Graad 4 en 6. In hierdie studie was die resultate soortgelyk, waar die Graad 4-seuns gedurende die naweek meer aktief as die dogters is, terwyl die Graad 6-seuns en -dogters dieselfde aktiwiteitsvlakke gedurende die naweek vertoon het.

TABEL 5. **FISIEKE-AKTIWITEITSVLAKKE VAN SEUNS EN DOGTERS VAN DIE VERSKILLENDE OUDERDOMME TYDENS DIE WEEK EN NAWEEK**

	Ouderdom	n		Gemiddeld		sa		Min		Maks.	
		S	D	S	D	S	D	S	D	S	D

Week	9	2	1	2	2	0	-	2	2	2	2
Naweek	9	2	1	1.5	2	0.71	-	1	2	2	2
Week	11	3	3	2.33	1.33	0.58	0.58	2	1	3	2
Naweek	11	3	3	2.67	1.67	0.58	0.58	2	1	3	2
Week	12	1	2	2	2	-	0	2	2	2	2
Naweek	12	1	2	3	2	-	0	3	2	3	2
Week	13	1	-	2	-	-	-	2	-	2	-
Naweek	13	1	-	2	-	-	-	2	-	2	-
Week	14	3	2	2	2.5	0	0.71	2	2	2	3
Naweek	14	3	2	2.33	1.5	0.58	0.71	2	1	3	2
Week	16	-	1	-	3	-	-	-	3	-	3
Naweek	16	-	1	-	3	-	-	-	3	-	3

n = aantal proefpersone, sa = Standaardafwyking; Min = Minimum waarde; Maks = Maksimum waarde; S = Seuns; D = Dogters

Peltzer *et al*. (2002) het gevind dat swart seuns en dogters tussen die ouderdom van vyf en 12-jaar redelik *hoog aktief* is, maar dat dogters in die ouer groepe meer sedentêre aktiwiteite soos

tuinnatmaak verkies, ’n bevinding wat ook deur ander studies sowel as hierdie studie bevestig word (Gilbey & Gilbey, 1995; Myers *et al*., 1996; Pate *et al*., 1997). Op onderskeidelik 11-jarige en 14-jarige ouderdom het ’n redelike verskil met betrekking tot die geslagte tydens die naweek in fisieke aktiwiteit voorgekom (Tabel 5).

Tabelle 6 en 7 toon verskille tussen die seuns (Tabel 6) en die dogters (Tabel 7) in die afsonderlike fisieke-aktiwiteitsklassifikasies met betrekking tot die fisieke fiksheid en liggaamsamestellings veranderlikes. Geen seuns was *laag aktief* nie, derhalwe word slegs die matig aktiewe groep (n=5) en die hoog aktiewe groep seuns (n=5) met mekaar vergelyk. Slegs die mate van fisieke aktiwiteit het by die twee groepe betekenisvol verskil (Tabel 7). Die matig aktiewe groep seuns het effens hoër soepelheid, VO_2-maks. en krag met die optrekke vertoon, terwyl die hoog aktiewe groep effens langer en swaarder is en ’n hoër fisieke-aktiwiteitsklassifikasie het. Geeneen van dié verskille was egter betekenisvol nie. Die LMI-waardes van die *hoog* en *matig* aktiewe seuns val volgens Lohman (1992) se norme onder die 50^{ste} persentiel en hulle liggaamsvetpersentasie heelwat onder die 50^{ste} persentiel. Geen definitiewe verskille of tendense kon verder uit dié resultate afgelei word nie, behalwe dat die seuns wat fisiek *hoog aktief* is, betekenisvol meer aktief was.

TABEL 6. **BETEKENISVOLHEID VAN VERSKILLE TUSSEN MATIG EN HOOG FISIEK AKTIEWE SEUNS (9 TOT 16 JAAR)**

	Matig FA			Hoog FA			Betekenisvolheid van verskille			
	n	$\bar{x}$	sa	n	$\bar{x}$	sa	gvv	t	p	EG
Massa	5	31.2	4.8	5	32.7	8.0	8.0	-0.4	0.712	
Lengte	5	137.6	10.3	5	143.5	11.1	8.0	-0.9	0.406	
LMI	5	16.4	0.6	5	15.7	1.4	8.0	1.1	0.300	
Triceps	5	4.7	0.8	5	4.9	1.0	8.0	-0.4	0.735	
Subskapulêr	5	5.4	0.5	5	5.0	1.0	8.0	0.8	0.455	
Vet %	5	8.4	1.5	5	8.2	1.6	8.0	0.2	0.846	
Handgr - R	5	20.0	2.9	5	21.8	7.6	8.0	-0.5	0.634	
Handgr - L	5	20.6	3.6	5	20.8	7.1	8.0	-0.1	0.957	
Sit-en-reik	5	29.9	3.6	5	27.7	3.3	8.0	1.0	0.351	
Optrek	5	3.9	3.3	5	3.8	1.4	8.0	0.1	0.951	
Standverspring	5	149.4	24.5	5	140.8	12.7	8.0	0.7	0.506	
Bleep	5	8.8	1.3	5	8.1	1.4	8.0	0.9	0.387	
VO2-Maks	5	44.2	3.6	5	41.4	5.3	8.0	0.9	0.371	
TV-ure	5	2.0	1.1	5	1.0	1.0	8.0	1.5	0.168	
FA klas (wk+nw)	5	1.9	0.2	5	2.5	0.0	8.0	-6.0	0.000*	3.0

TV-ure = aantal ure per dag; FA-klas (wk+nw) = Fisieke-aktiwiteitsklassifikasie gedurende

die week (wk) en naweek (nw), Matig FA = Matig fisiek aktief, Hoog FA = Hoog fisieke aktief

Wat die dogters se fisieke-aktiwiteitsklassifikasie betref (Tabel 7), het geen dogter in die laag aktiewe groep geval nie en slegs een dogter (16-jarige ouderdom) in die hoog aktiewe groep, wat vergelyking bemoeilik, en dus moet verskille wat voorgekom het met omsigtigheid beoordeel word. By die dogters is daar by massa, LMI en fisieke-aktiwiteitsklassifikasie statisties en praktiese betekenisvolle verskille tussen die matig aktiewe en hoog aktiewe dogter gevind.

Alhoewel nie betekenisvol nie, toon die matig fisiek aktiewe groep (n=7) beter soepelheid, kan verder spring en het 'n hoër VO_2-maks. Hierteenoor is die hoog aktiewe dogter langer ($\bar{x}$=144.0), swaarder ($\bar{x}$=46.2) en toon 'n hoër LMI-waarde ($\bar{x}$=22.3), meer krag (handgreepkrag en gebuigde armhang) en sy kyk meer TV. Engelbrecht *et al*. (2001) het dieselfde tendens gevind met betrekking tot hoog aktiewe dogters wat swakker soepelheid toon in vergelyking met laag of matig aktiewes. Die navorser het voorts gevind dat die hoog aktiewe groep dogters langer en swaarder as die dogters van die laag en die matig aktiewe groep was. Die matig aktiewe dogters (Tabel 7) se LMI-waarde val onder die 50ste persentiel en die hoog aktiewe dogter ongeveer op die 85ste persentiel (Lohman, 1992), terwyl die matige en hoog aktiewe dogters se liggaamsvetpersentasie ongeveer op die 50ste persentiel val.

TABEL 7. **BETEKENISVOLHEID VAN VERSKILLE TUSSEN MATIG EN HOOG FISIEK AKTIEWE DOGTERS (9 TOT 16 JAAR)**

	Matig FA			Hoog FA			Betekenisvolheid van verskille			
	n	$\bar{x}$	sa	n	$\bar{x}$	sa	gw	t	p	EG
Massa	7	28.8	6.2	1	46.2	-	6.0	-2.6	0.039*	2.8
Lengte	7	143.1	10.0	1	144.0	-	6.0	-0.1	0.933	
LMI	7	14.2	3.0	1	22.3	-	6.0	-2.5	0.045*	2.7
Triceps	7	7.4	2.3	1	14.0	-	6.0	-2.7	0.036*	0.3
Subskapulêr	7	7.1	2.2	1	8.5	-	6.0	-0.6	0.584	
Vet %	7	13.1	3.6	1	19.0	-	6.0	-1.5	0.177	
Handgr - R	7	18.5	3.5	1	22.0	-	6.0	-0.9	0.386	
Handgr - L	7	17.7	4.2	1	26.0	-	6.0	-1.8	0.117	
Sit-en-reik	7	31.2	7.0	1	30.6	-	6.0	0.1	0.938	
Geb armh	7	9.3	6.5	1	12.0	-	6.0	-0.4	0.711	
Standverspring	7	131.1	10.8	1	128.0	-	6.0	0.3	0.794	
Bleep	7	3.9	0.7	1	4.0	-	6.0	-0.2	0.867	
VO2-Maks	7	27.3	1.8	1	26.8	-	6.0	0.3	0.793	
TV-ure	7	0.8	1.0	1	1.3	-	6.0	-0.4	0.695	
FA klas (wk+nw)	7	1.9	0.2	1	3.0	-	6.0	-5.3	0.002*	5.5

TV-ure = aantal ure per dag, FA-klas (wk+nw) = Fisieke-aktiwiteitsklassifikasie gedurende die week (wk) en naweek (nw), Matig FA = Matig fisiek aktief, Hoog FA = Hoog fisiek aktief

GEVOLGTREKKINGS

Uit die resultate blyk dit dat plaaswerkerkinders tussen 9- en 16-jarige ouderdom se fisieke-aktiwiteitsvlakke redelik hoog (matige klassifikasie) is. Dit wil verder voorkom of hierdie aktiewe leefwyse tot 'n groot mate die gevolg is van werkstake wat hulle verrig, asook speletjies wat hulle speel en relatief min ure wat aan TV-kyk bestee word. Hierdie resultate is in ooreenstemming met ander studies (Prista *et al*., 1997; Hughes, 1999; Kriska, 2000; Peltzer *et al*., 2002) wat op kinders uit laer sosio-ekonomiese omgewings uitgevoer is. Geen

assosiasies wat op ’n verband tussen fisieke aktiwiteit en fisieke fiksheid kan dui, kon egter gevind word nie. Dié resultaat verskil van die van Prista *et al*. (1997) wat onder meer gevind het dat hoog fisiek aktiewe kinders beter in fisieke-fiksheidstoetse vaar, maar stem ooreen met Armstrong *et al.* (1998) wat geen verbande tussen fisieke aktiwiteit en fisieke fiksheid by kinders gevind het nie. As die hoog en matig fisiek aktiewe proefpersone in hierdie studie met mekaar vergelyk word, het die matig aktiewe groep (veral seuns) in die meeste van die fisieke-fiksheidstoetse hoër gemiddelde waardes (alhoewel nie betekenisvol nie), as die hoog aktiewe groep getoon. Dit wil egter voorkom of ’n matige fisieke-aktiwiteitsklassifikasie voldoende is om aërobiese uithouvermoë te bevorder, aangesien beide die seuns en die dogters wat *matig aktief* was, hoër VO_2-maks.-waardes as die hoog aktiewe proefpersone getoon het. Meer seuns as dogters was verder *hoog aktief*, wat ook deur studies bevestig word oor seuns en dogters se

fisieke-aktiwiteitsvlakke in dié ouderdomsgroepe. Met betrekking tot soepelheid, VO_2-maks. en staande verspring, het die matig aktiewe groep hoër waardes behaal, waaruit afgelei kan word dat hulle aktiewe plaaslewe tog ’n bydrae tot die instandhouding van hulle fisieke fiksheid kan lewer.

Die meeste van die plaaskinders se LMI- en vetpersentasiewaardes val onder die 50ste persentiel, en Kruger *et al*. (2004) het gerapporteer dat 27% van die kinders ondervoed is. Die jonger kinders (vier tot agt jaar, en veral dogters) het veral lae vetpersentasies en LMI-waardes getoon. Dié tendens kom steeds by die ouer kinders voor, veral by die seuns. Die gemiddelde fisieke fiksheid van die groep 9- tot 16-jarige plaaskinders kan as laag beskou word, alhoewel dit redelik goed met studies van Amerikaanse en Kanadese kinders in die tagtigerjare vergelyk (Reiff *et al*., 1986). Henneberg *et al*. (2001) het gevind dat kinders van ’n laer SES stadiger neuromuskulêre reaksies toon en dat dié kinders kleiner spiermassas en kragwaardes as kinders van hoër SES het, wat as een moontlike verklaring kan dien vir die resultate.

SAMEVATTING

Dié studie van plaaswerkerkinders het tekortkominge met betrekking tot veralgemeenbaarheid na ander plaasgemeenskappe aangesien ’n klein groepie kinders by die navorsing betrokke was. Dit het egter ’n goeie aanduiding gegee van die fisieke aktiwiteit, fisieke fiksheid en liggaamsamestelling van kinders wat op ’n plaas woonagtig is. Dit is duidelik dat hierdie kinders kwesbaarder is, veral wat hulle voedingstatus betref, as kinders wat elders woon. Hierdie resultate benadruk die belang van verdere navorsing oor plaaswerkerskinders, soos om die invloed van dieet en omgewingsfaktore in samehang met fisieke aktiwiteit en fisieke fiksheid te ondersoek. Alhoewel die fisieke aktieiwiteitspatrone van die kinders ’n aktiewe beeld uitstraal, hou hulle fisieke fiksheid nie daarmee verband nie, en word intervensieprogramme aanbeveel wat die verbetering van fisieke fiksheidskomponente soos krag sal aanspreek. Uit die ontleding van hulle aktiwiteitspatrone het dit ook geblyk dat die kinders nie aan sportdeelname blootgestel word nie (alhoewel die seuns graag toeskouers van sokkerbyeenkomste is, en beide seuns en dogters hulleself met balspele besig hou). Die insluiting van sodanige aktiwiteite in intervensieprogramme ter verbetering van fisieke fiksheid word gevolglik aanbeveel.

SUMMARY

The physical fitness and physical activity levels and patterns among children of

farmworkers: FLAGH-study

The literature reveals that the motor development, physical activity levels (PA) and physical fitness (PF) of children in rural environments, living under poor socio-economic conditions (SES), can differ (Herbst & Huysamen, 2000) from children living under different conditions (Prista *et al*., 1997). Prista *et al*. (1997) state in this regard that children from lower socio-economic environments have higher levels of physical activity. Studies (Cameron *et al*., 1992; Henneberg *et al*., 2001) also reveal that children from lower socio-economic environments in South Africa can be associated with a smaller body size.

This study forms part of a multi-disciplinary research project (FLAGH study - Farm Labour and General Health) being carried out by the Faculty of Health Sciences at the North-West University in Potchefstroom in the Northwest province of South Africa. The aim of this study was to analyse the physical activity patterns and levels and physical fitness of four to 16-year-old children of farm workers, also with regard to the relationship between physical activity and physical fitness.

The sample consists of all the farm worker children between the ages of four and 16 years living on a farm in the Potchefstroom area in the Northwest province. They completed a modified sit-and-reach, handgrip (left and right), aerobic endurance and standing long jump tests with reference to physical fitness variables (37 children; 19 girls and 18 boys) (Brewer *et al.,* 1988; Docherty, 1996; Wood, 1997). They also completed a physical activity questionnaire (Trost *et al.,* 1999) for a week day and one weekend day (only the nine to 16 year-old group) to determine their physical activity level (low, moderate or high). Body size and body composition was analysed by means of anthropometric variables (height, mass, BMI and sub-scapular and triceps skin folds). Statistica for Windows (Statsoft, 2001) was used to analyse the data for descriptive purposes. An analysis of variance (ANOVA), followed by a Tukey-*post hoc*-test, and independent t-testing ($p<0.05$) and effect sizes were computed, while the SAS-program (SAS, 1991) was used to analyse the physical activity patterns of the group.

From the results it seems that the farm environment where the children grew up does influence their physical activity. The results show that the 4- to 8-year old girls almost have significantly higher flexibility than the boys. Their body fat percentage and the girls BMI values fall below the 50^{th} percentile (Lohman, 1992). In the 9- to 16-year old group body fat percentage was below the 50^{th} percentile, while significant differences were found between the genders. This includes the triceps and sub scapular skin folds, body fat percentage (girls higher values), bleep and VO_2 –max. (girls lower values). The results also revealed that the level of physical activity of the 9- to 16-year-old group were reasonably high (moderate physical activity classification), which, from the analysis of their physical activity patterns, can largely be ascribed to walking, the work tasks performed on the farm such as carrying water and wood and looking after animals, playing games and lack of TV watching. With regard to the relationship between physical activity and physical fitness, no significant relationship was found. Further research with regard to the role of malnutrition in the physical activity and physical fitness of children living on farms is recommended, as well as intervention programs incorporating sports activities, to improve the physical fitness status of the children.

BEDANKINGS

Die volgende instansies word bedank vir die finansiële steun met die FLAGH-studie: Die Mediese Navorsingsraad van Suid-Afrika (MNR), die Suid-Afrikaanse Suikervereniging en

die Skool vir Verbruikerswetenskappe, in besonder dr. Annemarie Kruger vir haar hulp tydens die studie.

VERWYSINGS

ARMSTRONG, C.A.; SALLIS, J.F.; ALCARAZ, J.E.; KOLODY, B.; McKENZIE, T.L. & HOVELL, M.F. (1998). Children's television viewing, body fat, and physical fitness. *American Journal of Health Promotion*, 12(6): 363-368, July/August.

BOILEAU, R.A.; LOHMAN, T.G. & SLAUGHTER, M.H. (1985). Exercise and body composition of children and youth. *Scandinavian Journal of Sport Science*, 7(1): 17-27.

BREWER, J.; RAMSBOTTOM, R. & WILLIAMS, C. (1988). *Multistage fitness test*. Belconnen: Australian Coaching Council.

CAMERON, N.; KGAMPHE, J.S.; LESCHNER, K.F. & FARRANT, P.J. (1992). Urban-rural differences in the growth of South African black children. *Annuals of Human Biology*, 19(1): 23-33.

COOLEY, D. & McNAUGHTON, L. (1999). Aerobic fitness of Tasmanian secondary school children using the 20-m shuttle run test. *Perceptual and Motor Skills*, 18: 188-198.

CORLETTE, J.T. & MOKGWATHI, M.M. (1986). *Sport culture society. International historical and sociological perspectives*. In J.A. Mangraw & R.B. Small (Ed.). Proceedings of the VIII Commonwealth and international conference on sport, recreation and dance. Glasgow, 18-23 July, 1986.

DOCHERTY, D. (1996). *Measurement in pediatric exercise science*. Champaign, IL: Human Kinetics.

EMIOLA, L.M.; TALABI, A.E. & OGUNSAKIN, E.A. (2002). The effect of activity level on the fitness and health status of primary school children. *African Journal for Physical, Health Education, Recreation and Dance (AJPHERD)*, 8(2): 205-218, October.

ENGELBRECHT, C.; PIENAAR, A.E. & COETZEE, B. (2001). Die verband tussen fisieke aktiwiteit en fisieke fiksheid van 13- tot 15-jarige dogters in die Noordwes-provinsie. Ongepubliseerde MA-tesis. Potchefstroom: PU vir CHO.

GILBEY, H. & GILBEY, M. (1995). The physical activity of Singapore primary school children as estimated by heart rate monitoring. *Pediatric Exercise Science*, 7: 26-35.

HENNEBERG, M.; BRUSH, G. & HARRISON, A. (2001). Growth of specific muscle strength between 6 and 18 years in contrasting socio-economic conditions. *American Journal of Physical Anthropology*, 115: 62-70.

HERBST, I. & HUYSAMEN, G.K. (2000). The construction and validation of developmental scales for environmentally disadvantaged preschool children. *South African Journal of Psychology*, 30(3): 19-25.

HUGHES, F.P. (1999). *Children, play and development* (3rd ed.). Boston, MA: Allyn & Bacon.

KRISKA, A. (2000). Ethnic and cultural issues in assessing physical activity. *Research Quarterly for Exercise and Sport*, 71(2): 47-53.

KRUGER, A.; PHOMETSI, M. & VAN'T RIET, H. (2004). Poverty and houdehold food security of black South African farm dwellers: the burden of socio-economic factors. 20th Biennial Congress of the NSSA and the 8th Biennial Congress of ADSA held at Goudini-Spa Holiday Resort, Rawsonville CAPE; 23-27 August 2004.

LESLIE, E.; FOTHERINGHAM, K.J.; OWEN, N. & BAUMAN, A. (2001). Age-related differences in physical activity levels of young adults. *Medicine and Science in Sport and Exercise*, 33(2): 255-258.

LOHMAN, T.G. (1992). *Advances in body composition assessment*. Champaign, IL.: Human Kinetics.

MALINA, R.M.; BOUCHARD, C. & BAR-OR, O. (2004). *Growth, maturation and physical activity* (2nd ed.). Englewood-Cliffs, NJ: Human Kinetics.

MYERS, L.; STRIKMILLER, P.K.; WEBBER, L.S. & BERENSON, G.S. (1996). Physical and sedentary activity in school children grades 5-8: the Bogalusa heart study. *Medicine and Science in*

Sports and Exercise, 28(7): 852-859.

PATE, R.R.; TROST, S.G.; FELTON, G.M.; WARD, D.S.; DOWDA, M. & SAUNDERS, R. (1997). Correlates of physical activity behavior in rural youth. *Research Quarterly for Exercise and Sport*, 68(3): 241-248.

PATE, R.R.; TROST, S.G.; DOWDA, M.; OTT, A.E.; WARD, D.S.; SAUNDERS, R. & FELTON, G. (1999). Tracking of physical activity, physical inactivity and health-related physical fitness in rural youth. *Pediatric Exercise Science*, 11: 364-376.

PELTZER, K.; PHASWANA, M. & PROMTUSSANANON, S. (2002). Physical activity among rural black South African children. *African Journal for Physical, Health Education, Recreation and Dance (AJPHERD)*, 8(2): 189-204, October.

PRISTA, A.; MAIA, J.A.R. & MARQUES, A.T. (1997). The relationship between physical activity, sosio-economic status and physical fitness of 8-15 year old youth from Mozambique. *American Journal of Human Biology*, 9: 449-457.

RAMSBOTTOM, R.; BREWER, J. & WILLIAMS, C. (1988). A progressive shuttle run test to estimate maximal oxygen uptake. *British Journal of Sports Medicine*, 22(4): 141-144.

RAUDSEPP, L. & JÜRIMÄE, T. (1996). Physical activity, fitness, and adiposity of prepubertal girls. *Pediatric Exercise Science*, 8: 259-267.

Receiving awards for performance	Players Coaches	87 27	7.50 7.22	1.41 1.25	0.93
Self-efficiency	Players Coaches	87 27	7.55 8.07	1.42 0.95	1.79
Self-confidence of the player	Players Coaches	87 27	8.28 8.14	0.99 1.65	0.41

** $p < 0.01$. For the other t-values $p > 0.05$

Netball players and their coaches showed the largest significant difference (between means) with regard to *communication between player and coach* and *competition*. In both instances coaches considered the factor more important than players. The factors where coaches and players did not differ significantly but according to the averages, considered the factors to be important, were *goal setting*, and *individual attention to players*. The factor which both players and coaches considered less important was *encouragement to perform better*.

Hockey players and their coaches (Table 3) showed the largest significant difference (between means) with regard to *praising of the player*, *communication between player and coach* and *competition*. In all three instances coaches considered the factor more important than players. The factors where coaches and players did not differ significantly but according to the averages, considered the factors to be important, were *goal setting*, and *enjoying sport*. The factor which both players and coaches considered less important was *encouragement to perform better*.

TABLE 3. **COMPARISON OF THE AVERAGE RESPONSES OF HOCKEY PLAYERS AND COACHES**

Motivation factor	Respondent	n	x	s	t-value
Communication between player and coach	Players Coaches	70 14	6.52 7.92	1.96 1.20	2.56**
Competition	Players Coaches	70 14	7.37 8.14	1.22 1.02	2.20*
Efficient coaching methods and techniques	Players Coaches	70 14	7.44 7.42	1.45 1.65	0.03

Encouragement to perform better	Players Coaches	70 14	6.44 7.14	2.05 1.40	1.22
Enjoying sport	Players Coaches	70 14	7.78 8.42	1.37 0.75	1.70
Goal setting	Players Coaches	70 14	8.54 8.64	1.05 0.63	0.34
Individual attention to players	Players Coaches	70 14	7.78 8.07	1.67 0.82	0.96
Intrinsic motivation	Players Coaches	70 14	7.55 7.92	1.35 0.73	0.99
Praising of the player	Players Coaches	70 14	7.08 8.07	1.62 0.73	3.58**
Psyching-up	Players Coaches	70 14	7.77 8.14	1.24 0.94	1.06
Receiving awards for performance	Players Coaches	70 14	7.40 7.50	1.44 1.45	0.24
Self-efficiency	Players Coaches	70 14	7.55 7.85	1.32 0.77	0.82
Self-confidence of the player	Players Coaches	70 14	7.98 7.57	1.31 2.13	0.70

* $p < 0.05$ ** $p < 0.01$. For the other t-values $p > 0.05$

Cricket players and their coaches (Table 4) showed the largest significant difference (between means) with regard to *communication between player and coach* and *receiving awards for performance*. In both instances coaches considered the factor more important than players. The factors where coaches and players did not differ significantly but according to the averages, considered the factors to be important, were *goal setting*, and *self-confidence of the player*. The factor which both players and coaches considered less important was *efficient coaching methods and techniques*.

Athletes and their coaches (Table 5) showed the largest significant difference (between means) with regard to *communication between player and coach*, *praising the player* and *enjoying sport*. In all three instances coaches considered the factor more important than players. The factors where coaches and players did not differ significantly but according to the averages, considered the factors to be important, were *goal setting*, and *individual attention to players*. The factors which both players and coaches considered less important were *efficient coaching methods and techniques* and *encouragement to perform better*.

TABLE 4. **COMPARISON OF THE AVERAGE RESPONSES OF CRICKET PLAYERS AND COACHES**

Motivation factor	Respondent	n	x	s	t-value
Communication between player and coach	Players Coaches	65 13	6.29 8.30	1.80 0.94	5.84**
Competition	Players Coaches	65 13	7.36 8.00	1.46 1.15	1.46
Efficient coaching methods and techniques	Players Coaches	65 13	6.69 6.61	1.92 1.38	0.14

Encouragement to perform better	Players Coaches	65 13	6.84 7.00	1.92 1.29	0.28
Enjoying sport	Players Coaches	65 13	7.75 8.38	1.35 0.96	1.59
Goal setting	Players Coaches	65 13	8.27 8.53	1.08 0.66	0.84
Individual attention to players	Players Coaches	65 13	7.50 8.30	1.45 0.85	1.91
Intrinsic motivation	Players Coaches	65 13	7.50 7.76	1.14 1.36	0.73
Praising of the player	Players Coaches	65 13	7.30 8.15	1.49 0.98	1.95
Psyching-up	Players Coaches	65 13	7.70 7.69	1.41 1.70	0.03
Receiving awards for performance	Players Coaches	65 13	7.72 6.53	1.34 1.56	2.83**
Self-efficiency	Players Coaches	65 13	7.67 7.23	1.01 1.30	1.38
Self-confidence of the player	Players Coaches	65 13	8.27 8.30	0.87 0.85	0.12

** $p < 0.01$. For the other t-values $p > 0.05$

If the results from all the different types of sport are analysed, the following conclusions can be made

- Coaches and athletes/players differed mainly with regard to the factors *communication between player and coach*, *praising the player* and *competition*. The coaches considered these factors to be more important than players do.
- The main factor which both coaches and athletes/players considered to be important was *goal setting*. They also agreed on the importance of *self-confidence of the player* and *individual attention to players.*
- Both athletes/players and coaches considered *encouragement to perform better* as less important.

TABLE 5. **COMPARISON OF THE AVERAGE RESPONSES OF ATHLETES AND COACHES**

Motivation factor	Respondent	n	x	s	t-value
Communication between player and coach	Players Coaches	108 36	7.02 8.27	1.80 0.94	5.33**
Competition	Players Coaches	108 36	7.63 8.19	1.37 0.92	2.74**
Efficient coaching methods and techniques	Players Coaches	108 36	6.70 7.05	2.17 1.65	0.89
Encouragement to perform better	Players Coaches	108 36	7.25 6.69	1.80 1.75	1.64
Enjoying sport	Players Coaches	108 36	7.78 8.38	1.37 0.90	3.00**

Goal setting	Players Coaches	108 36	8.36 8.44	0.95 0.77	0.48
Individual attention to players	Players Coaches	108 36	8.15 8.30	1.06 0.88	0.75
Intrinsic motivation	Players Coaches	108 36	7.62 8.02	1.23 1.10	1.76
Praising of the player	Players Coaches	108 36	7.31 8.16	1.62 0.77	4.20**
Psyching-up	Players Coaches	108 36	7.88 8.27	1.24 1.00	1.69
Receiving awards for performance	Players Coaches	108 36	7.50 7.44	1.67 1.34	0.18
Self-efficiency	Players Coaches	108 36	7.60 7.58	1.27 1.48	0.07
Self-confidence of the player	Players Coaches	108 36	8.23 7.82	1.34 1.87	1.18

** $p < 0.01$. For the other t-values $p > 0.05$

IMPLICATIONS OF THE RESULTS FOR COACHING

The most important significance of the results, is the significant differences that exist between the perceptions of coaches and athletes/players regarding the importance of certain motivational factors in sport, and also that in all cases, the coaches regard these motivational factors as of more importance compared to the meanings of athletes/players. In practice coaches will therefore place more emphasis on the motivational factors *they* regard as of importance, and in doing so, might miss their final target, namely the optimal motivational level of their athletes/players.

REFERENCES

COAKLEY, J.J. (1994). *Sport in society: issues and controversies* (5th ed.). London: Mosby-Yearbook.

CRATTY, B.J. (1983). *Psychology in contemporary sport: guidelines for coaches and athletes* (2nd ed.). London: Prentice-Hall.

DE VOE, D. & CARROL, T.J. (1994). Student participation patterns: high school coaches' perception. *Journal of Physical Education, Recreation and Dance,* 65(7): 63-69.

GILL, D.L. **(**1986). *Psychological dynamics of sport.* Champaign, IL: Human Kinetics.

HUDDLESTON, S.; AHRABI-FARD, I. & GARVIN, G.W. (1995). Self-evaluation compared to coaches evaluation of athletes' competitive orientation. *Journal of Sport Behavior,* 18(3): 209-214.

LE ROUX, J.G. **(**1999). *Sportsielkunde as komponent in die opleidingsprogram van vakonderwysers.* Unpublished M Ed thesis. Pretoria: University of South Africa.

LEUNES, A. & NATION, J.R. (1996). *Sport Psychology: an introduction.* Chicago, IL: Nelson-Hall.

MORRIS, T. & SUMMERS, J. (Eds.). (2002). *Sport psychology: theory, applications and issues.* New York, NJ: John Wiley & Sons.

OGILVIE, B. & TUTKO, T.A. **(**1966). *Problem athletes and how to handle them.* London: Pelham Books.

RUSHALL, B.S. & POTGIETER, J.R. **(**1987). *Die sielkunde van suksesvolle mededinging in uithouvermoë-sportsoorte.* Pretoria: Suid-Afrikaanse Vereniging vir Sportwetenskap, Liggaamlike Opvoedkunde en Rekreasie.

SCHUMAN, L. (2003). *Motivering in sport as voorligtingskomponent.* Unpublished M Ed thesis. Pretoria: University of South Africa.

SILVA, J.M. & WEINBERG, R.S. (Eds). (1984). *Psychological foundations of sport.* Champaign, IL: Human Kinetics.

VERNACCHIA, R.V.; McGUIRE, R. & COOK, D. (1996). *Coaching mental excellence.* Portola Valley, CA: Warde.

Prof. Kobus le Roux: Department of Educational Studies, Unisa, PO Box 392, Pretoria 0003, Republic of South Africa. Tel.: +27 (0)12 429 4655, E-mail: lrouxjg@unisa.ac.za

(Subject editor: Prof. J.R. Potgie er)

South African Journal for Research in Sport, Physical Education and Recreation Social Sciences, 2005, 27(1): 137-152.
Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning, 2005, 27(1): 137-152.
ISSN: 0379-9069

BEWEGINGSVERMOËNS VAN 7-9 JARIGE DOGTERS IN DIE STELLENBOSCH-OMGEWING: 'N VERGELYKING

Eileen K. AFRICA & Karel J. VAN DEVENTER
Departement Sportwetenskap, Universiteit Stellenbosch, Stellenbosch, Republiek van Suid-Afrika

ABSTRACT

The movement abilities of children have undoubtedly become worse during the last 27 years. Physical inactivity is reducing the quality of life in today's children who are tomorrow's adults. A lack of regular physical activity in youth exacerbates disease incidence and severity. A vicious cycle has developed, reinforcing the negative health consequences of physical inactivity in society. It seems that now, more than ever, there is a need to promote lifestyle patterns in children that can track into adulthood. The study focuses on the identification of movement abilities of girls (N=69), ages 7-

9 years and investigates whether their movement abilities is comparable to that of the girls in the Katzenellenbogen's study of 1976, using the same tests and criteria. The tests evaluated inter alia the following: velocity; velocity and power; power; speed and accuracy as well as accuracy and precision. The girls were selected from two former Model-C schools in the Stellenbosch area as the Katzenellenbogen study (1976) only involved girls from former White schools. The results indicated that present-day girls fared much worse in almost all the movement tests. The weight of the 9-year old girls increased by as much as 7.2 kg and the length of the 7-year old girls increased by as much as 7.3 cm compared to 27 years ago. This study can therefore be a starting point for further research attempting to combat the tendency of inactivity amongst the youth of today.

Key words: Children; Movement abilities; Physical inactivity; Physical activity; Physical Education/Life Orientation.

INLEIDING

Outomatisasie en tegnologiese ontwikkeling het die moderne bestaanswyse van die jong kind indringend verander, wat veroorsaak dat die hedendaagse kind aan bewegingsarmoede ly (Nel, 1998). Faktore soos televisie, rekenaars, kitskos, motors, publieke vervoer, vinnige verstedeliking in ontwikkelende lande en onveilige omgewings, gee aanleiding tot tendense van onaktiewe leefstyle (Andersen, 1999; Underhay, De Ridder, Van Rooyen & Kruger, 2002; Doherty & Bailey, 2003; Power, 2003). As gevolg van bogenoemde faktore verkies die meeste kinders binnenshuise, sittende aktiwiteite, soos televisie en rekenaarspeletjies (Daley, 2002) wat tot swak gesondheid en 'n toename in die voorkoms van obesiteit wêreldwyd lei (Africa, 2003).

Verhoogde ure wat kinders voor die rekenaar en televisie deurbring, kan 'n bydrae lewer tot 'n vertraging in kinders se vermoëns om sensoriese inligting en beweging te koördineer (Dertouzos, 2003). Veranderinge in kinders se bewegingsvermoëns lei tot 'n afname in sensoriese, motoriese en sosiale ondervinding, asook in konsentrasie en uithouvermoë

(Kretschmer, 2001). Gevolglik ontstaan daar 'n agterstand wat tot motoriese probleme lei (Nel, 1998).

Kinders se motoriese vermoëns het gedurende die afgelope 15 tot 20 jaar verswak, wat verhoed dat hulle effektief in 'n skoolomgewing kan funksioneer (Sugden & Sugden, 1991; Kretschmer, 2001). Kinders wat hul skoolloopbaan met geringe of matige motoriese probleme begin, ontgroei nie hierdie probleme nie (Livesey & Coleman, 1998).

Voldoende ontwikkeling van fundamentele bewegingsvermoëns, fyn motoriese vaardighede en perseptueel-motoriese vermoëns is baie belangrik vir die skoolgaande kind, want dit voorsien hulle van die nodige gereedskap om suksesvol te wees (Pienaar, 1999).

Liggaamlike Opvoeding (LO) in skole het kinders in die verlede van hierdie gereedskap voorsien. Liggaamlike Opvoeding behoort deel te wees van die totale leerproses, wat deur middel van beweging tot die totale ontwikkeling en groei van kinders bydra (Darst & Pangrazi, 2002; Pangrazi, 2003; Pangrazi, 2004). Verskeie studies het bewys dat LO 'n reeks gesondheidsvoordele (fisiek, sosiaal, emosioneel en psigososiaal) inhou, indien kinders dit op 'n gereelde basis in skooltyd ontvang (Chernushenko, 2003; Doherty & Bailey, 2003; Pangrazi, 2004).

Die situasie waarin LO wêreldwyd verkeer, veroorsaak dat kinders nie meer dikwels of glad

nie aan bewegingsprogramme in skole blootgestel word nie (Darlison, 2001). In baie lande is die vereistes vir die implementering van LO in skole in plek, maar die werklike implementering voldoen nie aan die voorgeskrewe verwagtinge nie (Hardman & Marshall, 2001; Hardman, 2003).

Liggaamlike Opvoeding is in kompetisie met ander skoolvakke vir tyd in die skoolkurrikulum (Hardman, 1998; Hardman & Marshall, 2001; Doherty & Bailey, 2003; Doll-Tepper & Mailliet, 2003; Hardman, 2003; Klein, 2003). Dit kom nou slegs as een fokus van Lewensoriëntering voor (Van Deventer, 2002; Van Deventer, 2004). Alhoewel baie onderwysers positief voel oor die feit dat fisieke ontwikkeling en beweging as deel van Lewensoriëntering voorkom, is hulle nie opgelei om die programme aan te bied nie en kan hierdie gevoelens toegeskryf word aan onkunde (Van Deventer, 1999). Verder beskou die gemeenskap LO as ’n vermorsing van tyd. Soos Bucher (1974) in Krause (1991: 6) dit stel: *It’s better for my kids to have soggy bodies than soggy minds.*

Veranderinge in LO in skole hou groot probleme op die lange duur in (Van Deventer, 2004). Leerders word groot leed aangedoen deur die uitfassering of vermindering van gestruktureerde LO, want oor baie dekades heen is bewys dat daar altyd ’n balans tussen liggaamlike- en psigiese ontwikkeling behoort te wees (Chernushenko, 2003; Doherty & Bailey, 2003; Pangrazi, 2004).

Dit is dus belangrik dat almal wat voorstaanders is van gelykheid, kwaliteit van lewe, menseregte en waardigheid, gesondheids- en sosiale ontwikkeling ’n verantwoordelikheid het om hierdie situasie te probeer red (Darlison, 2001).

PROBLEEMSTELLING

Die hoofprobleem van die studie fokus op die bepaling van die bewegingsvermoëns van Grondslagfase dogters (Graad 1 tot 3) aan twee voormallige Model C (VMC)-laerskole in die Stellenbosch-omgewing.

Die volgende sub-probleem is aangespreek:

- Om vas te stel of daar verskille in die bewegingsvermoëns van dogters by VMC-skole en dogters van Katzenellenbogen se 1976-studie voorkom.

Deur middel van ’n empiriese ondersoek is ’n opname van die bewegingsvermoëns van dogters in Grade 1 tot 3 onderneem. Bewegingstoetse uit die studie van Katzenellenbogen (1976) is gebruik om die dogters se bewegingsvermoëns te bepaal. Die data is gebruik om ’n vergelyking met die resultate van die Katzenellenbogen-studie van 1976 te tref.

METODOLOGIE

Proefpersone

Die proefpersone (N=69) is uit Graad 1 (n=24), Graad 2 (n=23) en Graad 3 (n=22), vir die opname geselekteer. Om koste te bespaar is die groep proefpersone uit twee voormalige Model C-skole in die Stellenbosch omgewing geselekteer. Weens beperkende skoolreëls by bogenoemde skole kon die proefpersone nie ewekansig gekies word nie en is een klas uit elke graad as proefpersone gebruik.

Bewegingstoetse

In die Katzenellenbogen-studie (1976: 455) toon die faktoranalise bevindinge dat "hantering van die liggaam" hoofsaaklik op Faktor 1 (Snelheid-Ratsheid-Dryfkrag, met die belaste been), wat vir die grootste variasie (43.9%), verantwoordelik is, gelaai het. "Hantering van voorwerpe" (Faktor 2) is nie so prominent by hierdie ouderdomme nie, omdat maturasie by hierdie groep nog nie die piek-ontwikkeling bereik het nie. Indien Faktor 1 en Faktor 2 in ag geneem word waar die persentasie by Faktor 1 by verre die hoogste is (7-jariges - 37.1% en 13.7%; 8-jariges - 40.3% en 11.7% en 9-jariges - 31.8% en 13.2%), het 12 uit die 16 toetse wat gebruik is, binne die faktoranalise geval (Katzenellenbogen, 1976: 507). Derhalwe blyk dit sinvol om op die "Hantering van die liggaam" te fokus en slegs die toetse met 'n belading van 50 en hoër te gebruik (Katzenellenbogen, 1976: 507).

Die geldigheid van die bewegingstoetsitems is op inhoudelike- en voorkomsgeldigheid ("content and face validity") gebaseer. Die geldigheid wat deur empiriese en logiese oordeel bepaal is, het niks meer as net blote beweging gemeet nie. Die toets-hertoets metode is gebruik om die betroubaarheid van die toetsitems vas te stel (Katzenellenbogen, 1976: 14).

Die volgende toetsitems is gebruik om bewegingsvermoëns te bepaal: handeviervoet-loop met spoed, hardloop vorentoe met spoed, eenbeentjie-spring met spoed (R en L), staande verspring vir afstand, hardloop en spring oor ’n hoë voorwerp, hardloop sig-sag om voorwerpe met spoed, hardloop oor en onderdeur ’n reeks voorwerpe met spoed, kabelsprong oor tou in hande gehou, spring oor ’n bewegende tou deur ander geswaai, spring oor ’n bewegende tou – self geswaai en ophurk en katsprong op kas met spoed. Massa en lengte is ingesluit sodat tred gehou kan word met die liggaamsgrootte en groei in die vertolking van die bevindinge.

Statistiese verwerking

Die stastistiese analise is deur Dr. M. Kidd van die Sentrum vir Statistiese Konsultasie, Universiteit Stellenbosch behartig. Inligting ten opsigte van bewegingstoetse is in rekenaarformaat gekodeer en statisties verwerk. Maksimum waardes is deur middel van

analise van variansie (ANOVA) vergelyk. Daar is deurgaans op ’n 1% betekenispeil ($p<0.01$) gekonsentreer, behalwe vir enkele gevalle waar daar geen betekenisvolle verskille op ’n 1% betekenispeil was nie, maar wel op ’n 5% ($p<0.05$) betekenispeil. *Statistica 6* is gebruik om die data te analiseer.

RESULTATE

Die resultate wat vervolgens bespreek gaan word, is saamgestel om kortliks ’n oorsig van die bewegingsvermoëns van hedendaagse kinders in vergelyking met die Katzenellenbogen-studie van 1976 te bied. In die vergelyking sal daar deurgaans na Katzenellenbogen se studie as die 1976-studie en na die huidige studie as die Africa-studie verwys word, tensy anders aangedui.

Daar word slegs vergelykings tussen 7-, 8-, en 9-jarige dogters getref, omdat hierdie ouderdomsgroepe by beide studies in die meerderheid voorkom.

Voordat ’n vergelyking van die bewegingsvermoëns van die dogters in die onderskeie studies onderneem word, word inligting omtrent gewig en lengte van die proefpersone weergegee.

Liggaamsmetinge

Daar het ’n beduidende verskil in die gemiddelde gewig tussen die ouderdomsgroepe voorgekom ($p<0.01$) met veral ’n groot verskil by die 9-jarige dogters. Die 9-jarige dogters van die Africa-studie het gemiddeld 7.2 kg swaarder geweeg (Figuur 1).


40
38
36
34
32
30
28
26
24
22
7 jaar**
8 jaar**
9 jaar**

1976
Africa

FIGUUR 1. **GEWIG**

Wat lengte betref, is die dogters van die Africa-studie heelwat langer as dié van die 1976-studie. Die 7-jarige dogters van die Africa-studie het met soveel as 7.3 cm in lengte toegeneem (Figuur 2).

142
140
138
136
134
132
130
128
126
124
122
120


7 jaar**
8 jaar**
9 jaar**

1976
Africa

FIGUUR 2. **LENGTE**

Bewegingstoetse

Die 7-jarige dogters van die Africa-studie het beter gevaar in die *handeviervoet-loop met spoed* as die 7-jarige dogters van die 1976-studie ($p<0.05$), terwyl die 8- en 9-jariges heelwat swakker as dié van die 1976-studie gevaar het (Figuur 3).



FIGUUR 3. **HANDEVIERVOET-LOOP MET SPOED**

Geen beduidende statistiese verskil in tye vir die *hardloop vorentoe met spoed* het tussen die 7-jariges van beide studies voorgekom nie. Alhoewel daar verskille in die tye van die 8- en 9-jariges voorgekom het, is dit nie statisties betekenisvol nie (Figuur 4).



FIGUUR 4. **HARDLOOP VORENTOE MET SPOED**

Met die vergelyking vir die *eenbeentjie-spring (R) met spoed* het die proefpersone van die 1976-studie ook beter gevaar vir alle ouderdomsgroepe, alhoewel nie statisties betekenisvol nie (Figuur 5). Die proefpersone van die 1976-studie (7- en 8-jariges) het beter gevaar in die *eenbeentjie-spring (L) met spoed* as dié van die Africa-studie ($p<0.01$). Dit blyk dat die 9-jariges van die 1976-studie beter as die 9-jariges van die Africa-studie gevaar het ($p<0.05$) (Figuur 6).



FIGUUR 5. **EENBEENTJIE-SPRING MET SPOED (R)**



FIGUUR 6. **EENBEENTJIE-SPRING MET SPOED (L)**

Die dogters in die 1976-studie het verder afstande in die *staande verspring* behaal ($p<0.01$) (Figuur 7).



FIGUUR 7. **STAANDE VERSPRING**



FIGUUR 8. **HARDLOOP EN SPRING OOR 'N HOË VOORWERP**

Daar het geen statisties beduidende verskille tussen die twee groepe ten opsigte van die *hardloop en spring oor 'n hoë voorwerp* voorgekom nie. Daar bestaan 'n tendens dat die 7- en 9-jariges van die 1976-studie hoër hoogtes behaal het (Figuur 8).



FIGUUR 9. **HARDLOOP SIG-SAG OM VOORWERPE MET SPOED**



FIGUUR 10. **HARDLOOP OOR EN ONDERDEUR 'N REEKS VOORWERPE MET SPOED**

Alle ouderdomsgroepe van die 1976-studie het beter tye in die *hardloop sig-sag om voorwerpe met spoed* behaal ($p<0.01$) (Figuur 9). Geen statisties beduidende verskille het by die 7-jarige dogters van die twee onderskeie studies vir die *hardloop oor en onderdeur 'n reeks voorwerpe met spoed* voorgekom nie, maar wel by die 8- en 9-jariges ($p<0.01$). Die 8- en 9-jariges van die Africa-studie het met byna twee sekondes swakker in bovermelde toets gevaar (Figuur 10).

By die *kabelsprong oor tou in hande gehou* bestaan die tendens dat die 7- en 8-jarige dogters van die Africa-studie swakker gevaar het as dié van die 1976-studie ($p<0.05$) (Figuur 11). Daar bestaan 'n tendens dat die dogters van die 1976-studie beter in die *spring oor 'n bewegende tou – self geswaai* gevaar het, alhoewel nie statisties betekenisvol nie (Figuur 12). Daar is geen statisties beduidende verskil tussen die onderskeie studies vir die toets *spring oor 'n bewegende tou deur ander geswaai* nie. Die resultate toon geen verskil tussen proefpersone in beide studies vir alle ouderdomsgroepe aan nie (Figuur 13).



FIGUUR 11. **KABELSPRONG OOR TOU IN HANDE GEHOU**



FIGUUR 12. **SPRING OOR BEWEGENDE TOU SELF GESWAAI**



FIGUUR 13. **SPRING OOR BEWEGENDE TOU (DEUR ANDER GESWAAI)**

'n Groot verskil in die tye vir die *ophurk katsprong met spoed* het tussen die onderskeie studies voorgekom. Die proefpersone van die 1976-studie het aansienlik beter vir alle ouderdomsgroepe in bovermelde toets gevaar ($p<0.01$). Uit Figuur 14 kan waargeneem word dat die Africa-groep met gemiddeld ses sekondes swakker gevaar het.

Tyd in sekondes



FIGUUR 14. **OPHURK KATSPRONG MET SPOED**

BEVINDINGE

Liggaamsmetinge

Die resultate toon dat hedendaagse dogters in vergelyking met dogters van 27 jaar gelede (1976-studie) baie meer weeg. Die 9-jarige dogters van die Africa-studie toon veral 'n groot toename in gewig (7.2kg). Wat lengte betref, toon die data 'n betekenisvolle toename in lengte met toenemende ouderdom. Dogters van vandag, in vergelyking met die 1976-studie, is langer as dogters van 27 jaar gelede. Daar het veral 'n groot verskil in lengte (7.3 cm) by die 7-jariges van die Africa-studie voorgekom.

Bewegingstoetse

Die prestasie-element, snelheid, kom in die toetsitem *handeviervoet-loop met spoed* voor. Snelheid van die ondersteunende voortbewegingsaksies word deur die uitgangsposisie van die liggaam gestrem. Die toets sluit nie slegs snelheid in nie, maar ook koördinasie, balansvermoë en ruimteskatting. Resultate toon dat die 7-jarige dogters van die Africa-studie beter gevaar het as die 7-jariges van die 1976-studie, alhoewel daar nie betekenisvolle verskille voorgekom het nie ($p<0.05$). Die tendens bestaan dat die ouer dogters (8 en 9 jaar) van die Africa-studie swakker gevaar het.

Die toetsitems waar totale inspanning ten opsigte van snelheid en dryfkrag vereis is, het *hardloop vorentoe met spoed* en *eenbeentjie-spring R* en *L* ingesluit. *Hardloop vorentoe met spoed* is 'n aksie wat uit herhaaldelike bewegings bestaan. Spoed is ook 'n belangrike element by hierdie herhalings. Dryfkrag speel ook 'n belangrike rol in die uitvoer van hierdie toets aangesien lang treë en die gebruik van die arms om meer krag aan die hele beweging te verleen, vereis word. Daar is geen statisties beduidende verskil gevind in die tye van die dogters in die Africa-studie en dié van die 1976-studie nie. *Eenbeentjie-spring met spoed (L* en *R)* sluit nie slegs snelheid en dryfkrag in nie, maar ook koördinasie en balansvermoë. Die dogters van die Africa-studie het swakker in bovermelde toets gevaar as die dogters van die 1976-studie.

Staande verspring en *hardloop en spring oor 'n hoë voorwerp* ressorteer onder die prestasie element, dryfkrag. Dogters van die Africa-studie het in vergelyking met die 1976-studie swakker in die *staande verspring*, asook in die *hardloop oor 'n hoë voorwerp met spoed* gevaar.

Hardloop sig-sag om voorwerpe met spoed en *hardloop oor-onderdeur 'n reeks voorwerpe met spoed* val onder die prestasie-element snelheid en akkuraatheid. Hierdie toetsitems sluit nie slegs snelheid en akkuraatheid in nie, maar ook koördinasie, balansvermoë en ruimteskatting. Dogters van die Africa-studie het in beide bogenoemde toetse swakker gevaar

as 27 jaar gelede.

Kabelsprong, spring oor 'n bewegende tou deur ander geswaai en *spring oor 'n bewegende tou self-geswaai*, ressorteer onder die prestasie-element akkuraatheid. Dogters van die Africa-studie het aansienlik swakker gevaar in die *kabelsprong* in vergelyking met die dogters van die 1976-studie. Uit die resultate van die *spring oor 'n bewegende tou deur ander geswaai*, blyk dit dat die 8-jarige dogters van die Africa-studie beter as die 8-jarige dogters van die 1976-studie gevaar het. Uit die resultate van die *spring oor 'n bewegende tou-self geswaai*, kan afgelei word dat dogters van die Africa-studie swakker gevaar het in bogenoemde toets.

Die *ophurk katsprong* val onder die prestasie-elemente, presiesheid en snelheid. Hierdie toetsitem sluit nie net presiesheid en snelheid in nie, maar ook koördinasie, balansvermoë en ruimteskatting. Die vergelyking tussen die Africa-studie en 1976-studie, toon dat dogters in die Africa-studie in alle ouderdomsgroepe swakker gevaar het.

GEVOLGTREKKINGS

Die bevindinge van die huidige studie in vergelyking met die 1976-studie toon dat gemiddelde gewig drasties by hedendaagse dogters toegeneem het, in so 'n mate dat hierdie toename moontlike nadelige gesondheidsrisiko's nou en in die nabye toekoms mag inhou. In vergelyking is die dogters van die 1976-studie ook heelwat korter as die dogters van die Africa-studie. Dogters van die 1976-studie het ook oorwegend beter in meeste van die bewegingstoetse as dié van die Africa-studie gevaar. Alhoewel die navorsing van Sugden & Sugden (1991) en Kretschmer (2001) andersoortige meetinstrumente gebruik het, toon die bevindinge van die Africa-studie en dié van Sugden & Sugden (1991) en Kretschmer (2001) 'n afname in die bewegingsvermoëns van kinders.

Agteruitgang in kinders se bewegingsvermoëns kan moontlik toegeskryf word aan die tendens dat kinders meer geredelik toegang tot moderne tegnologie het (Nel, 1998). As gevolg hiervan kan gespekuleer word dat hulle ontvanklik is vir sedentêre leefstyle. Die bevindinge kan ook moontlik toegeskryf word aan die feit dat Liggaamlike Opvoeding, as unieke skoolvak, nie meer deel van die skoolprogram is nie en slegs as 'n fokus van Lewensoriëntering voorkom (Van Deventer, 2002; Van Deventer, 2004). Liggaamlike Opvoeding word dikwels gedefinieer as opvoeding deur beweging. Die vak is deel van die totale leerproses, wat deur middel van beweging tot die totale ontwikkeling en groei van kinders bydra. Liggaamlike Opvoeding, soos deur verskeie studies bewys, hou 'n reeks gesondheidsvoordele (fisiek, sosiaal, emosioneel en psigososiaal) in (Chernushenko, 2003; Darst & Pangrazi, 2002; Doherty & Bailey, 2003; Pangrazi, 2003; Pangrazi, 2004).

Die Onderwysdepartement lê meer klem op Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie en min of geen aandag word aan fisieke ontwikkeling spandeer (DoE, 2000a). Mnr. Koffi Annan, die Sekretaris-Generaal van die Verenigde Nasies, is van mening dat tegnologie alleen, nie die wêreld se probleme kan oplos nie (Van Deventer, 2002). Fisieke ontwikkeling moet dieselfde nasionale belangrikheid as Wetenskap en Wiskunde aanneem (DoE, 2000b). Indien die Onderwysdepartement op nasionale vlak 'n holistiese benadering tot onderwys voorstaan (DoE, 2002), wat wel so vervat is in verskeie dokumente, hoekom word daar dan nie ook klem op fisieke ontwikkeling en die behoeftes van kinders gelê nie? Die Minister van Onderwys in Suid-Afrika (SA) het tydens sy begrotingstoespraak op 14 Maart 2000, die volgende stelling gemaak:

> *Government blames teachers, the teachers blame the parents, the parents blame the students, the students blame government and in the end, instead of working it out,*

everyone gives up hope and goes off to a shebeen and drink themselves into oblivion (Asmal, 2000).

Soos die onderwysstelsel huidig bedryf word, waarin LO verskuil word as 'n fokusarea van Lewensoriëntering, en nie geprioritiseer word nie, kan dit slegs tot nadeel van kinders in die Grondslagfase strek.

Agterstande in motoriese ontwikkeling belemmer nie net huidige en toekomstige deelname aan fisieke aktiwiteit nie, maar literatuur dui onomwonde dat dit ook skoolgereedheid nadelig beïnvloed (Nel, 1998; Nel 2002). Daar moet dus vroegtydig opgetree word sodat daar eerder voorkomend as rehabiliterend opgetree kan word.

Dit is hoogtyd dat diegene wat verantwoordelik is vir die opstel van onderwys-beleidsdokumente ernstig moet besin oor wat hulle aan die Suid-Afrikaanse jeug doen deurdat daar feitlik geen aandag aan fisieke ontwikkeling van die kind geskenk word nie.

Soos Naul (1995:48) dit stel:

If there will be no better future for an active lifestyle for our children, there will be no better future for the world.

SUMMARY

Movement abilities of 7-9 year old girls in the Stellenbosch region: a comparison

Physical activity must be an integral part of children's lives. Physical Activity makes an essential contribution to their physical, psychological and social well–being. Despite evidence supporting this, many of today's children do not engage in physical activity appropriate for long-term health promotion. Various research studies show that children are not active enough and lead ever-increasing sedentary lifestyles and these lifestyles lead to various types of hypo-kinetic diseases. Social, environmental and technological changes, as well as the phasing out of structured physical education in schools, are aspects that are responsible for the decrease in activity levels of children. Children prefer sedentary based activities such as watching television, computer games and travelling by car, rather than bicycle. The primary aim of this study was to determine whether the movement abilities of present–day girls', (Grades 1–3) have improved or worsened as compared to the girls of the Katzenellenbogen study of 1976. Movement tests from Katzenellenbogen (1976) were used to test the movement abilities of these girls. The above mentioned tests were used because of their practicability, apparatus that were used, availability of apparatus at schools and easy executable movements. The tests evaluated inter alia the following: velocity; velocity and power; power; speed and accuracy as well as accuracy and precision. The sample population (N=69) was selected from two former Model-C schools in the Stellenbosch area. The results were compared to that of Katzenellenbogen's study of 1976. The latter study only involved girls and was undertaken at former White schools only. The coding of the variable data was done in computer format, coded and statistically analysed. Maximum values were compared through Analyses of Variance (ANOVA). From the results of the study, it can be concluded that present-day girls performed much worse in almost all the tests when compared to the Katzenellenbogen study of 1976. The challenge is, therefore, to promote the benefits of physical activity, which will most probably impact on the most prevalent risk factor among our children, namely, that of sedentary lifestyles. Physical activity during childhood is very important for healthy growth and motor development. It is particularly important to

the extent that lifetime activity habits develop and persist into adulthood. The lack of physical abilities of young children is becoming more evident and is of great concern. This trend does not seem to be prioritised as a national concern and this should definitely be reversed. The correlation between obesity, various heart-related diseases, general tiredness

and a non-existent structured physical routine will become a worldwide catastrophe which will lead to a strain on the world economy. Adults will need constant medication to counter the resultant ill health they experience. South Africa is faced with an amazing opportunity to raise healthy adults who can positively contribute to its prosperity. Any initiative which lessens a future drain on the social economic stability of South Africa should be grasped by all without hesitation. The current restructuring of the South African sporting bodies and inflow of monetary sponsorships should result in a refocus on increasing childhood activity in schools as these are orchids from which future sport stars will be picked.

BRONNE

AFRICA, E. (2003). 'n Opname van die bewegingsontwikkelingskenmerke van grondslagfase leerders in die Stellenbosch omgewing. Ongepubliseerde M-Sportwetenskap tesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.

ANDERSEN, R.E. (1999). Exercise, an active lifestyle and obesity. *The Physician and Sportmedicine*, 27(10): 41-48.

ASMAL, K. (2000). Speech by the Minister of Education, Professor Kader Asmal, MP introducing the debate on the Education Budget, Vote 8 National Assembly, Cape Town, 14 March.

CHERNUSHENKO, D. (2003). Sustainable active living: integrating sustainable development with quality physical education and sport. *International Council of Sport Science and Physical Education Bulletin*, (37): 61-70, February.

DALEY, A. (2002). School based physical activity in the United Kingdom: can it create physically active adults? *Quest*, 54: 21-22.

DARLISON, E. (2001). What does globalisation mean for sport science and physical education professions and professionals? *International Council of Sport Science and Physical Education Bulletin*, 32: 12-16, June.

DARST, P.W. & PANGRAZI, R.P. (2002). *Dynamic physical education for secondary school students.* San Francisco, CA: Benjamin Cummings.

DERTOUZOS, M. (2003). "Developmental Risks: the hazards of computers in childhood". [http://www.allianceforchildhood.net/projects/computers/computersreports_fools_gold_2.htm]. Retrieved 8 March 2003.

DoE (DEPARTMENT OF EDUCATION) (2000a). Education in a global era. 14th conference of Commonwealth Education Ministers. Pretoria: Department of Education.

DoE (DEPARTMENT OF EDUCATION) (2000b). Ministerial briefing guidelines on policy on human movement and school sport – Draft 3. May 2000. Pretoria: Department of Education.

DoE (DEPARTMENT OF EDUCATION) (2002). Revised national curriculum statement for grades R-9 (Schools). Life orientation. Pretoria: Department of Education.

DOHERTY, J. & BAILEY, R. (2003). *Supporting physical development and physical education in the early years.* Buckingham: Open University Press.

DOLL-TEPPER, G. & MAILLIET, C. (2003). Physical education and sport and human development challenges in the educational environment. *International Council of Sport Science and Physical Education Bulletin*, 39: 26-31, September.

HARDMAN, K. (1998). The fall and rise of school physical education in international context. In R. Naul; K. Hardman; M. Pièron & B. Skirstad (Eds.), *Physical activity and active lifestyle of*

children and youth (89–107). Schorndorf: Verlag Karl Hoffman.

HARDMAN, K. (2003). The state of Physical Education in schools: foundation for deconstruction and reconstruction of Physical Education. In K. Hardman (Ed.), *Physical Education: deconstruction and reconstruction - issues and directions* (15-34). Schorndorf: Verlag Karl Hoffman.

HARDMAN, K. & MARSHALL, J. (2001). World-wide survey of the state and status of physical education in schools; summary of findings. *International Council of Sport Science and Physical Education Bulletin,* 28: 40-43, January.

KATZENELLENBOGEN, E.H. (1976). Komponente van perseptueel-motoriese vermoë van meisies 7 tot 11 jaar met besondere verwysing na bewegings uit die program van Liggaamlike Opvoeding. Ongepubliseerde PhD (Menslike Bewegingskunde) proefskrif. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

KLEIN, G. (2003). A future for physical education within the international context: institutional fragility or collective adjustment. In K. Hardman (Ed.), *Physical Education: deconstruction and reconstruction- issues and directions* (153-169). Schorndorf: Verlag Karl Hoffman.

KRAUSE, Y. (1991). Die invloed van aktiewe leertyd op die bewegingsontwikkeling van hoërskoolmeisies in Liggaamlike Opvoeding. Ongepubliseerde M. (Menslike Bewegingskunde) tesis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

KRETSCHMER, J. (2001). Changes in childhood and children's motor development. *International Journal of Physical Education,* 38(3): 114-115.

LIVESEY, D.J. & COLEMAN, R. (1998). The development of kinesthesis and its relationship to motor ability in preschool children. In J.P. Piek (Ed.), *Motor behaviour and human skill* (253–269). Champaign, IL: Human Kinetics.

NEL, J.A.P. (1998). Motoriek. *Die Unie*, 95(1): 7, Augustus.

NEL, J.A.P. (2002). Televisie en rekenaar verantwoordelik vir skryf– en leesprobleme by leerders. *Die Unie*, 99(2): 1, 3, November.

PANGRAZI, R.P. (2003). Physical education K-12: "All for one and one for all". *Quest*, (5): 105-177.

PANGRAZI, R.P. (2004). *Dynamic physical education for elementary school children.* San Francisco, CA: Pearson Education.

PIENAAR, A. (1999). Motor learning in Human Movement Science and sport – challenges from practical and research point of view. In L.O. Amusa; A.L. Toriola & I.U. Onyewadume (Eds.), *Physical Education and sport in Africa* (195–233). Stellenbosh: LAP Publications.

POWER, C. (2003). Lifestyle change is spawning an epidemic of global obesity. *Newsweek*, 40-45: 11 August.

SUGDEN, D. & SUGDEN, L. (1991). The assessment of movement skill problems in 7- and 9-year-old children. *British Journal of Educational Psychology*, 61: 329.

UNDERHAY, C.; DE RIDDER, J.H.; VAN ROOYEN, J.M. & KRUGER, H.S. (2002). Obesity, blood pressure and physical activity among 10–15 year–old children: the Thusa Bana study. *African Journal for Physical, Health Education, Recreation and Dance*, 8(2): 263-284.

VAN DEVENTER, K.J. (1999). Physical education and sport in selected Western Cape high schools. Unpublished research report. Stellenbosch: Department of Sport Science, University of Stellenbosch.

VAN DEVENTER, K.J. (2002). Quality physical education and the partnership concept. *South African Journal for Research in Sport, Physical Education and Recreation Social Sciences*, 24(2): 101-120.

VAN DEVENTER, K.J. (2004). A case for Physical Education/Life Orientation: the health of a nation. *South African Journal for Research in Sport, Physical Education and Recreation Social Sciences*, 26(1): 107-121.

Dr. Karel J. van Deventer: Departement Sportwetenskap, Universiteit Stellenbosch, Privaatsak X1, Matieland 7602, Republiek van Suid-Afrika. Tel.: +27 (0)21 808-4715, Faks.: +27 (0)21 808-4817, E-

pos: kjvd@sun.ac.za

(Studieleier: Dr. M. Coetzee)